

HOOFSTUK 4: DIE EERSTE MITE: DIE “LIEFDESBAND” TUSSEN AFRIKAANS EN DIE AFRIKANERS (1875-1948)

“Land van vrome Trekkers...”

“Slaap rustig, dapper helde...”

“Daar het ’n doringboompie vlak by die pad gestaan...”

“Hoeke Boerseuns ons was...”

“Trouwe Afrikaners”

“Ek sien haar wen, vir man en seun en broeder...”

De taal van een volk is zijn meest gewaardeerde kleinood (C.R. de Wet 1896, aangehaal deur Steyn 1980:169).

Waar is die waarheid. Ja, waar is hy, dis waar. Maar waar is hy? (C.J. Langenhoven – Uit: *Spreuke van Langenhoven*, byeengebring deur Jan Scannell 1993:33).

Iedere nuwe geslag verlustig hom ’n oomblik in die duurgekogte regte en vryhede van die vorige ... maar binne ’n menseleeftyd het ons die prys vergeet, waarvoor dit alles verkoop en betaal word (Gustav Preller in sy feesrede, 1917, soos aangehaal in Steyn 1987: Voorwoord).

[...] die geskrewe woord, sê die Latynse spreekwoord, bly staan. En daardeur kry hy ’n *beïnvloedingsmag wat hom nie altyd toekom nie* (M.E.R 1972:5).

Die bekende Engelse skrywer, Lawrence Green, vestig die aandag op twee baie *interessante ooreenkomste tussen Israel en die Boere* – ’n gevolgtrekking waartoe hy na jare se studie van die *Boerevolk* gekom het, nl. (a) dat mens nêrens buite Palestina soveel plekke en dorpe met Bybelname kry as in Suid-Afrika nie en (b) dat die Afrikaner, meer as enige ander volk ter wêreld, *oor die gawe van profesie beskik* (Adriaan Snyman 1995:30 – my kursivering).

Die doel van hierdie publikasie is om *een perspektief* op die talegesprek in Suid-Afrika te gee. *Omdat ek Afrikaans is, is dit ’n Afrikaanse perspektief* (Hans du Plessis 1992:1 - my kursivering).

To understand is not necessarily to pardon, but there is no harm in trying to understand (Kitto 1951:132, aangehaal deur Giliomee 2003:xiii).

4.1 Inleiding, doelwitstelling en werkwyse

4.1.1 Inleiding

“DI AFRIKAANSE PATRIOT” Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in one ei’e taal! Dit het baie moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei’e taal het nie. Die ou’e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o’ertui’e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in die voertuig. Ons wil nou met ons “Patriot” an die wereld wys, dat ons wel de’entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil. “AFRIKAANSE PATRIOT” Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een “*Patriot*” is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:- klein, maar fluks.

(Heruitgawe van die eerste nommer van *Di Afrikaanse Patriot*, Saterdag 15 January (sic), 1876, No.1 – heruitgegee deur die Paarlse Drukkers vir die Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.)

Raidt (1976:83) maak die volgende stelling:

Die wordingsgeskiedenis van Afrikaans val waarskynlik saam met die ontstaan van die Afrikaanse volk.

Alhoewel Raidt nie praat van die Afrikanervolk nie, maar wel van die Afrikaanse volk, is daar ’n sterk moontlikheid dat sy hier wel na die Afrikaners verwys, aangesien die begrip “volk” reeds per definisie ’n groep mense is wat ’n duidelike gevoel van samehörigheid en historiese verbondenheid beleef. (Vergelyk die bespreking rondom die begrippe “nasie”, “volk” en “nasionanisme” in hoofstuk 3.2.3 – AMJ.)

Op skool is ons, as Afrikaanse leerlinge, geleer dat die amptelike begin van Afrikaans teruggevoer kan word na die stigting van die G.R.A. (Genootskap van Regte “Afrikaanders”) op 14 Augustus 1875 aan huis van Gideon Malherbe in die

Paarl. Daar sal in hoofstuk 6 rondom die geïdeologiseerde aard van die Afrikaanse historiografie weer na hierdie persepsie en die moontlike kritiek daarteen verwys word.

Die verklaarde doel van die G.R.A. was om te staan “ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.” (Steyn 1980:138). L.T. du Plessis (1986:1) trek die verband tussen die stigting van die G.R.A. as een van die mitiese momente in die geskiedenis van Afrikaans en dié van die Afrikanervolk soos volg:

Die feitelike korrektheid van bv. gegewens oor die Genootskap van Regte Afrikaners (voortaan:G.R.A.) word ... nie bevraagteken nie. Wat in werklikheid gebeur het, is dat die hele geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging doodgewoon by die Afrikanergeskiedenis geïnkorporeer is. Hierdie situasie sou uiteindelik lei tot 'n *onafwendbare mitologisering* van beide dié globale geskiedenis en in die besonder dié van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Uiteraard *geskied dié mitologisering binne 'n bepaalde ideologiese raamwerk* (my kursivering).¹

Vanselfsprekend het hierdie (mitiese?) begin (die stigting van die G.R.A.) en hierdie datum (14 Augustus 1875) 'n langer aanloop gehad. Soos blyk uit die bespreking in hoofstuk 2, ontstaan mites selde oornag, maar word hulle as lewende mites gevorm en bevestig deur verskeie prosesse, waarvan onderlinge sosialisering 'n verneme deel uitmaak. Daar is in genoemde hoofstuk melding gemaak van die standpunt van Samuel en Thompson (1990:14,15) wat beweer dat miteskepping deur 'n proses van sosialisering tot stand kom, waarvolgens mense mites oordra op 'n manier wat die outeurs beskryf as “...subconsciously “ en wat dan oorgedra word aan “their children and kin, their neighbours, workmates and colleagues as part of the personal stories which are the currency of such relationships.” Hierdie “onbewuste” oordrag dra by tot die feit dat die mites ook deur die ontvangers as 't ware “onbewustelik” aanvaar en geïnternaliseer word en later in die “diepste van hul gemoed” (sien die “Woord vooraf”) geglo word.

¹ Alle verdere kursiverings in hierdie hoofstuk is my eie tensy anders vermeld.

Bogenoemde sosialiseringsproses staan nie los van 'n ander proses waardeur mites soos dié van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikanervolk tot stand kom nie, maar hou waarskynlik verband met wat ook in hoofstuk 2 beskryf word as die werkinge van die sogenaamde “kollektiewe onbewuste” en die manifestasie hiervan in die ontstaan van “social complexes of an archetypal character” (Jung 1964:70).

Binne hierdie konteks word die agtergrond vir die eerste mite onder bespreking—dié van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikaner - vervolgens beskou.

4.1.2 Doelwitstelling

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die mate waarin Afrikaans as mitiese bindingsmiddel in Afrikanernasionalisme meegewerk het om rigting en sin te gee aan die nasionale en groepstrewes van Afrikaanssprekende “Afrikaners” sedert 1875, maar veral in die eerste vyftig jaar van die twintigste eeu.

Die doelwit van die hoofstuk is voorts om vanuit 'n agterna-perspektief te bepaal of die mite waarna verwys sal word as die “mite van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikaner” werklik as 'n lewende mite bestaan het en, indien wel, hoe hierdie mite in die loop van net meer as sewentig jaar (tussen 1875 en 1948) ontstaan het en uitgebou is en wat die impak daarvan op die taal se status en funksies was.

Daar is reeds deur verskeie taalsosioloë, taalkundiges en (kultuur)historici en meer onlangs ook deur taalpolitici boekdele vol geskryf oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (op sowel die gebied van korpusontwikkeling as dié van statusontwikkeling) in die ongeveer drie en 'n halwe eeue na die koms van die Nederlanders na die Kaap van Goeie Hoop. Dit is 'n haas onbegonne taak

om met al dié geleerdes as 't ware in gesprek te tree in die loop van hierdie studie. Daar word wel na baie van hulle verwys en waar nodig vir die argument word hulle standpunte weergegee.

Dit moet ook hier gestel word dat, nadat die eerste konsep van hierdie hoofstuk reeds voltooi was, die omvattende werk van Giliomee oor die Afrikaners die lig gesien het. Daar sal in die loop van hierdie studie dikwels na Giliomee se werk verwys word, maar dit het nie as primêre naslaanbron gedien vir die insigte wat in hierdie hoofstuk bereik word nie.

Die **doel** van die hoofstuk is dan om

- Die **kronologiese verloop** van die ontstaan en vestiging van die mite onder bespreking, nl. dié van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikaners, in die bykans vyf-en-sewentig jaar tussen 1875 en 1948 weer eens onder oënskou te neem met die oog op latere afleidings en gevolgtrekkings;
- **Enkele stemme uit die tydperk onder bespreking aan die woord te stel**, soos onder andere die skryfster M.E.R., uit wie se eie woorde en kommentaar die proses van miteskepping rondom Afrikaans en die Afrikaner duidelik afleibaar is.

4.1.3 Werkwyse vir hoofstuk 4

Verskeie primêre bronne uit die tydperk onder bespreking is nagegaan en relevante stof in verband met miteskepping is aangeteken. Sekondêre bronne, dit wil sê bronne waarin daar kommentaar gelewer word oor dieselfde tydperk, is ook geraadpleeg. Sommige van die laasgenoemde bronne lewer self kommentaar op die miteskepping in die tydperk, maar daar is ook bewyse dat sommige van die sekondêre bronne op hulle beurt weer miteskepping in die hand gewerk het (vgl. o.a. die Nienabers se werk, *Die Opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal*, later in hierdie hoofstuk).

Die resultaat van die ondersoek behoort stof te lewer wat reeds aan kenners van die taalhistoriese agtergrond van Afrikaans bekend is. Die wins is egter dat die klem deurgaans op **miteskeppende elemente** val, soos onder meer:

- Metaforiek en woordkeuses wat miteskeppend werk (bv. *vroom, edel, dapper, helde, heiligdom* en so meer);
- retoriese middele (bv. herhaling, retoriese vrae, ens.), en
- sintaktiese middele (plasing van belangrike miteskeppende elemente in sleutelposisies in die sin).

Die wyse van miteskepping is nie die oogmerk van dié ondersoek nie, maar wel die **feit van miteskepping**, op watter wyse dan ookal. Laasgenoemde feit word deurgaans beklemtoon deur die **kursivering van miteskeppende frases en middele**. Soos reeds genoem, is kursivering deur die loop van die hoofstuk my eie, tensy anders vermeld. Die kursivering dien die **spesifieke doel** om miteskepping **eksplisiet** aan te toon. Hierbenewens word die kommentaar van outeurs wat oor die tydperk berig ook gekursiveer indien daar eksplisiet of implisiet deur die betrokke outeurs na miteskeppende prosesse verwys word.

Enkele afleidings word aan die einde van die hoofstuk gemaak. Vollediger kommentaar oor die impak van die betrokke mite en dié van die mite oor Afrikaans as verdrukkerstaal (hoofstuk 5), asook oor die neerslag van dié mites binne bepaalde (Suid-) Afrikaanse taal-en kultuursisteme (hoofstuk 6) word egter eers in hoofstuk 7 gegee.

4.2 Agtergrond vir 14 Augustus 1875

4.2.1 Boere en Afrikaners

“Afrikaners” (en sy variant “Boere”) is terminologie wat reeds voor 1875 in gebruik was.

Fouché 1914 (aangehaal deur Steyn 1980:108) haal voorbeelde uit die briewe van W. A. van der Stel aan die begin van die 18de eeu aan die Here XVII aan waarin die goerwerneur verwys na die “boere wat kla” en die “lompe schoften van boeren.” Dit volg uit ’n klagskrif van die Kaapse vryburgers oor wat beskou is as Van der Stel se wanbestuur en korrupsie. Fouché se standpunt is dat die vryburgers bygedra het tot die “politieke selfbewussyn van die Afrikanervolk” en voeg by:

Wanneer Van der Stel honend zijn tegenstanders uitkrijt voor ‘boeren’, beseffen wij, dat deze scheldnaam geen stand of klas bedoelt; hij bestempelt een natie. *Een nieuw-geboren volk heeft hier zijn naam ontvangen.*

Steyn (1980:108) wys daarop dat J. du P. Scholtz nie volkome saamstem met Fouché se standpunt nie. Scholtz (1969:14) huldig volgens Steyn die siening dat Afrikaans nooit “uitsluitend ’n boeretaal” was nie en die Afrikaners nooit “uitsluitend ’n boerevolk nie”. Tog lyk dit asof die eerste verband tussen “Boer” en “Dutch colonist” (Scholtz 1969:14) sy oorsprong so vroeg as die begin van die 18de eeu het.

Wat betref die benaming **Afrikaner** is hierdie naam in die sewentiende eeu vir **boorlinge van Afrika** gebruik. J. du P. Scholtz (1975) maak melding van ’n argiefstuk waarin daar in 1768 verwys word na ene Andries as “een slaaven jongen ... dewelken een **africaner** is”. Die implikasie is hier dat genoemde Andries nie ’n “Dutch colonist” of nasaat van laasgenoemde groep is nie, maar ’n slaaf (waarskynlik gekleurde), wat in dié land gebore is. (In hierdie geval is **africaner** dus waarskynlik niks anders nie as ’n vertaling vir die Engelse **African** – ’n (gekleurde) persoon van Afrika-afkoms – AMJ.)

Van Jaarsveld (1961:10) wys daarop dat wit mense aan die Kaap in die sewentiende eeu “koloniste” genoem is, terwyl die terme “Afrikaan” (“African”), “Africaander” en “Africaaner” na die gekleurde inboorlinge van die Kaap verwys het. Eers sedert die begin van die 18de eeu is daar ’n nuwe inhoud aan dié

begrip gegee, toe daar in 'n gedrukte dokument sodoende verwys is na wit koloniste wat in Suid-Afrika gebore is om hulle te onderskei van Hollanders en Franse wat in Europa gebore is. Daar is ook deur reisigers na die Kaap opgemerk dat die wit koloniste aan die Kaap *wat nie Engelssprekend was nie*, maar van Nederlandse, Duitse en Franse afkoms, hulleself “Africaanders” begin noem. Van Jaarsveld merk op dat hierdie groep reeds 'n eie gemeenskap gevorm het, wat ander karaktertrekke openbaar het as dié van hulle Nederlandse, Duitse en Franse voorouers:

By the beginning of the 19th Century, the name ‘Africaander’ or Afrikaner was in general use among the White colonists to identify themselves as a group... They were rather like a big family. The 18th Century was the period in which they were firmly forged together and in which their characteristics were strongly developed (1961:10).

Giliomee (2003:217-218) onderskryf grootliks bostaande uiteensetting, deur die term te verduidelik as aanvanklik verwysende na slawe wat in Afrika gebore is en dié se nageslag, asook na vry swartes en Khoisan, maar later hoofsaaklik gereserveer vir burgers en koloniste van Nederlandse, Duitse en Franse afkoms. Maar die term was nog elasties en in sommige kringe het die verwagting geheers dat die term later na sowel koloniste uit die Duitse en Franse wêreld as na dié van Britse afkoms sou kon verwys.

Descent, not language, was the defining characteristic (Giliomee 2003:217).

Die historikus, G.D. Scholtz, meld dat daar teen die jaar 1810 31 194 **Afrikaners** aan die Kaap was en teen 1854 in die land as geheel (dus in die Kaapkolonie en die binneland tesame) ongeveer 150 000 (Scholtz 1970:31-36). Hierdie toename in die Afrikaanse bevolking word hoofsaaklik toegeskryf aan 'n proses van natuurlike bevolkingsaanwas, omdat die Afrikaanse gesinne “kinderryk” was (Steyn 1980:124). Inbegrepe by hierdie “Afrikaanse gesinne” sou natuurlik ook nog etlike individuele Nederlanders wees wat in die negentiende eeu na Suid-

Afrika geïmmigreer het en hulle by die Afrikaanse gemeenskap aangesluit het. So word in *Het Volksblad* van 26 Julie 1881 verwys na die gebruik van “Afrikaander” en “Dutchman” deur ’n Engelse blad as feitlik sinoniem (Steyn 1987:15).

’n Duidelike verandering tree met verloop van tyd in die definisie van “Afrikaner” in, en in 1847 skryf die Trekkerleier, Andries Pretorius, die volgende: “Daar ik nooyd sullen ophouden (een) *Afrikaander* te zyn kan ik niet zwygen wanneer ik myne land(genoten) sien dwaalen...” (Van Schoor 1963:97, aangehaal deur Steyn, 1987:14). In die loop van die negentiende eeu moes daar ’n geleidelike herdefiniëring van die term **Afrikaner** gewees het. Hoewel dié term nog steeds verwys het na iemand wat op Afrikabodem gebore is, het daar ’n geleidelike betekenisverskuiwing ingetree sodat dit teen 1847 nie meer na (gekleurde) boorlinge van Afrika verwys het nie, maar na die nageslag van die Nederlandse koloniste wat “Hollands” en gaandeweg “Afrikaans” as taal gehad het. ’n Groot groep van hierdie “Afrikaners” het hulle bowendien met die “Trekker-ideale” vereenselwig, waarvan een van die oorheersendste die begeerte was om onafhanklik te leef van die Britse bewind aan die Kaap (in ooreenstemming met die mite van vryheid en onafhanklikheid van Brittanje).

Baie Afrikaners wat in die aanloop tot 1875 steeds in die Kaapkolonie onder Britse heerskappy geleef het, het hulle in baie gevalle sterk met die lot van die Voortrekkers vereenselwig en bv. geld en lewensmiddele ingesamel vir die slagoffers van die Zoeloe-moorde in Natal en Piet Retief verdedig teen aanvalle deur *The African Commercial Advertiser* wat hom ’n “madman” genoem het (Steyn 1980:134). Steyn wys daarop dat die gevoel van bloedverwantskap baie bygedra het tot die nasionale ontwaking van die Afrikaners, en haal in dié verband vir Fishman (1977:18) aan:

‘Kinship’ is the basis of the *felt bond to one’s own kind*. It is the basis of one’s solidarity with them in times of stress. It is the basis of one’s right to presume upon them in times of need.

Die Paarlse “Patriot-Afrikaners” het mettertyd ook die belange van die Afrikaanse taal steeds sterker op die hart gedra en veral om hierdie rede hulleself in 1875 as Regte Afrikaners (of “Afrikaanders”) bestempel.

Daar moet ook hier gemeld word dat, volgens Steyn (1987:14,15), die term **Afrikaner** in die 1880-erjare en tot en met die 1930-erjare dikwels “in toespraak- en hoofartikel-politiek” ook in ’n breër betekenis gebruik is. Steyn verwys onder andere na ’n hoofartikel in *Ons Land* van 25 Mei 1899, waarin **Afrikaner** beskryf word as “iemand die Zuid-Afrika als zijn vaderland erkent en *liefheeft*”, en waar “ras” of nasionaliteit nie so deurslaggewend is nie as “de toets of Zuid-Afrika zijn vaderland, zijn ‘home’ is”. Hierdie breër definisie vind ook baie interessante neerslag in die “Hertzogtoesprake” (Deel 2,166-67) waarvolgens genl. Hertzog in ’n toespraak oor die taalstryd in 1911 gesê het dat “Hollandssprekendes” wel “in ‘t eerste gelid der Afrikaners” staan, maar dat daar ook (op die aand waartydens die betrokke toespraak gelewer is) Afrikaners teenwoordig is “wier moedertaal Engels is.” (Die afleiding hier sou kon wees dat betekenisverskuiwings soms doelbewus geïnisieer kan word.)

In die loop van die twintigste eeu het die gebruik om onder sekere voorwaardes ook na mense met Engels as moedertaal as “Afrikaners” te verwys, egter vervaag. Andersyds is daar volgens Steyn (1987:15) sedert die 1960-erjare pogings aangewend om “die betekenis van *Afrikaner* so uit te brei dat dit alle Afrikaanssprekendes, dus ook gekleurde Afrikaanssprekendes insluit.” Steyn se slotsom is egter dat “die algemeenste betekenis van *Afrikaner* nog altyd wit Afrikaanssprekende (is)” en dat dit dan ook die betekenis is wat daaraan geheg word “wanneer ons van Afrikanernasionalisme praat.”

Van Jaarsveld verwys na die veeboer-pioniers op die grense van die Kaapkolonie as ’n groep wat geleidelik hulle eie identiteit ontwikkel het, met as simbole die wa, die os, die geweer en die perd – almal landelike simbole wat

meegewerk het tot die benaming “Boer” as latere sinoniem vir die Afrikaner (1961:11). Volgens Van Jaarsveld is karaktertrekke soos onafhanklikheid, handigheid, koppigheid en volharding en vryheidsdrang gevorm deur die isolasie van die groot plase en die groot oop ruimtes. Hy wys verder daarop dat die pioniers ook ’n spesifieke geloof aangehang het, nl. dié van die Calvinistiese Protestantisme, en dat hieruit gevolg het die diepgewortelde konsep van “Christen” teenoor “heiden”, wat geleidelik sinoniem geword het met “Europeër” teen “nie-Europeër”. (Hierdie onderskeiding wat so vroeg reeds deur die wit pioniers gemaak is, verklaar waarskynlik ten dele die diepgewortelde kleurvooroordeel van die latere Afrikaners – AMJ.)

4.2.2 Historiese gebeure voor 1875

Tussen 1652 en die einde van die agtiende eeu het Nederlands of Hoog-Hollands min werklike kompetisie as hoëfunksietaal aan die Kaap gehad (behalwe moontlik op grond van getal sprekers van Portugees), hoewel die spreektaal geleidelik “krom Hollands” of Afrikaans begin word het. Franse en Duitse immigrante in die laat-seewentiende en agtiende eeu se tale het om verskeie redes – waaronder ’n doelbewuste beleid van taalassimilasie, klein getalle sprekers en ondertrouing met Nederlanders - nie werklike kompetisie gebied nie en taalassimilasie met Nederlands het meestal plaasgevind (Steyn 1980:111-113).

Gebeure in Europa, waar Brittanje groter status as Nederland begin kry het en waar die oorlog tussen Brittanje en Frankryk daartoe aanleiding gegee het dat Brittanje in 1795 die Kaap vir strategiese redes verower het, het egter ’n impak op die Kaapse geskiedenis gehad. Na ’n kort tydperk van hernude Bataafse bewind het die Kaap in 1806 weer in Britse hande geval. Nederlands (en “Krom Hollands”) moes nou vir die eerste keer meeding met ’n sterk koloniale en handelstaal. Verder het Afrikaans aan die begin van die negentiende eeu nie

hoë aansien geniet nie en is dit beskou as ongeskik as kultuurtaal (Steyn 1980:119 -120).

Die koms van die Britse Setlaars in 1820 het vanselfsprekend 'n verdere impak gehad op die verengelsing van die Kaap; hoewel daar natuurlik in baie gevalle weerstand hierteen gebied is. In die hoë taalfunksies is die verengelsing uiteraard aangehelp deur die doelbewuste verengelsingspogings van Lord Charles Somerset. Sy voorgangers het egter ook reeds toegesien dat “Engels in die staatsadministrasie die alleenheerskappy toegewys is” (Nienaber & Nienaber 1958:10). Etlke voorbeelde van hierdie “alleenheerskappy” van Engels in die Kaapse regering in die negentiende eeu word verderaan (1958:11-13) gegee:-

- Sir John Cradock bepaal in 1813 dat “Engels-onkundiges” Engels moet aanleer en dat die land eentalig regeer moet word, “aangesien die beginsel van vertaling vreemd is aan alle doeltreffende uitvoering van landsake”;
- In 1822 proklameer lord Charles Somerset die regbank eentalig Engels;
- Vir die Hollandse gemeentes word Skotse leraars van die Presbiteriaanse kerk ingevoer en gaandeweg word preekdienste hoofsaaklik in Engels waargeneem;
- Somerset vervang die ou Hollandse sg. “koterskole” deur gratis Engelse staatskole, hoewel daar in 1839 die toegewing gemaak word dat Hollands ook 'n “klein plekkie” in hierdie staatskole ontvang. Met inspeksies in die skole is egter hoofsaaklik kennis van Engels getoets.

Ten spyte van bogenoemde maatreëls was daar sekere bepalende faktore wat die Afrikaners in die eerste dekades van die negentiende eeu van grootskaalse verengelsing gered het. Steyn (1980:130) verwys na die feit dat baie Afrikaners (waarskynlik veral in die uitgesterkte plattelandse gebiede en in die Bo-Kaap, waar die Maleiers veral gewoon het) steeds eentalig was en dat Engels selfs in groot dele van die Kolonie nooit gehoor is nie.

Verder het Afrikaanse gesinne, soos reeds genoem, heelwat kinders gehad en is die posisie van Afrikaans uiteraard deur die toenemende getal Afrikaners versterk.

Politiese gebeure het ook aanleiding gegee tot die Groot Trek, waarvan die amptelike aanvangsjaar 1938 is. Die Groot Trek kan beskou word as 'n georganiseerde migrasie van Afrikaners na die binneland van die latere Vrystaat en Transvaal. Sodoende is die Afrikaans van die Kaapse burgers, en veral die Oosgrensboere, gaandeweg oor 'n groter geografiese gebied versprei. Kwantitatief het Afrikaans dus gegroei, maar die taal het nog mank gegaan aan wat beskou kan word as kwalitatiewe gebreke.

Afrikaans sou ontwikkel moes word tot volwaardige kultuurtaal en daarmee saam sou die Afrikaners hulleself ook polities moes mobiliseer om taalverplasing te voorkom. Intussen het die status van Afrikaans aan die Kaap egter verswak. Von Wielligh (1922:3) meld dat Afrikaners wat in 1870 amptenare in Afrikaans aangespreek het, as antwoord gekry het "Speak English!" Binne hierdie klimaat word die G.R.A. gestig.

Du Toit (1987) maak 'n ontleding van Kaapse dokumente met taal, religie en nasionaliteit as onderwerp in die tydperk 1824-1886. Volgens Du Toit (1987:65,66) dien 'n sogenaamde nasionalistiese raamwerk gewoonlik as uitgangspunt vir standaardweergawes van die Afrikaanse taalbewegings:

Hiervolgens (vanuit die "nasionalistiese raamwerk" – AMJ) is die Afrikaanse etniese groep vanaf die begin van die 19de eeu gekonfronteer met Britse pogings om 'n sistematiese beleid van verengelsing op hulle af te dwing. Dit het uiteraard toenemend die Afrikaanssprekendes gegrief en is al meer deur hulle verwerp, 'n proses wat uitgeloop het op die stigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* en die oprigting van *Di Patriot*, en sodoende uitdrukking gegee het aan dit wat eintlik deurentyd die *onuitgesproke waardes en betrokkenheid van die Afrikaanse groep was*.

Du Toit vind egter in sy ontleding van die genoemde dokumente 'n tendens wat hy beskryf as 'n "verrassende patroon" wat dui op 'n besliste afwyking t.o.v. die sogenaamde nasionalistiese raamwerk. In breë trekke kom dit daarop neer dat daar in die twintiger- en vroeë dertigerjare van die negentiende eeu, toe die verengelsingsbeleid aan die Kaap hoogty gevier het, slegs beperkte verset teen genoemde beleid was. In die vyftigerjare, daarenteen, toe die verengelsingsbeleid minder heftig was, was daar meer bemoeienis met "kwessies van taal, religie en nasionaliteit" (1987:66). Die konsensus in die vyftigerjare, toe daar uitgebreide debatte oor genoemde onderwerpe was, was dat Engels uiteindelik wel sal seëvier. Teen die sewentigerjare word Afrikaans egter weer as 'n moontlike opsie gesien en terselfdertyd word daar vir die eerste keer "partye" gevind wat "op grondslag van taal en etniese kwessies gemobiliseer word, met verreikende politieke implikasies" (1987:66).

Du Toit kom dan tot die gevolgtrekking dat die nasionalistiese raamwerk nie voldoende verklaring bied vir die afwykende patroon nie, en dat daar eerder binne 'n historiese raamwerk na die diskoers rondom taal, religie en nasionaliteit in genoemde tydperk gekyk moet word. Hy ontleed die historiese gebeure tussen 1824 en (vir hierdie doel) 1875 soos volg (1987:67-69):

- In die twintigerjare, met die doelbewuste verengelsingsbeleid van die Britse koloniale regeerders, het die staat nog oor beperkte middele beskik en die beleid het nie 'n groot impak op die sosiale en kulturele lewe van die Afrikaanse gemeenskap gehad nie;
- In die vyftigerjare is verteenwoordigende regering ingestel. Daar was ook 'n uitbreiding van die infrastruktuur van die land in die vorm van beter hawes en paaie na die binneland. Die onderwys en kerlike lewe is georganiseer en het 'n binnelandse pers tot stand gekom. Daar was ook in die vyftigerjare 'n sterk ekonomiese opbloei. Al die genoemde faktore verklaar die groter betrokkenheid in die vyftigerjare met kwessies van taal, religie en nasionaliteit;

- In die sestigerjare toe op die ekonomiese opbloefase 'n lang en ernstige depressie gevolg het, was daar weer 'n afname in betrokkenheid oor genoemde onderwerpe;
- In die sewentigerjare vind weer eens 'n kwalitatiewe politieke verandering plaas deurdat verantwoordelike bestuur ingestel word. Terselfdertyd was daar 'n sterk ekonomiese opbloei nadat diamante ontdek is en spoorweë gebou word. Vir alle betrokkenes was daar nou ekonomies en polities meer op die spel.

Du Toit se afleidings t.o.v. die verband tussen die gemeenskap se betrokkenheid by o.a. taalkwessies en bogenoemde historiese gegewens, kan moontlik lig werp op enkele fasette van die wisselwerking tussen taal en ideologie.

In die twintigerjare en dertigerjare is Engels ten spyte van die verengelsingbeleid nie as 'n wesentlike bedreiging gesien het nie. Engels was wel die taal van die staat, maar Nederlands/Afrikaans was die taal van gesin, kerk en samelewing. Voorstelle van owerheidskant om Engels ook die taal van die gemeenskap te maak, is volgens 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 12 Oktober 1832 gesien as die eise van “so many petty tyrants” (Du Toit 1987:68). Toe Engels egter teen die vyftigerjare begin het om ook die kerklike en gesinslewe binne te dring, het twee stelle kontrasterende opvattinge volgens Du Toit na vore gekom, waarvan die eerste gegaan het oor die **aard van die ontwikkeling self**. Ook hieroor was daar twee kontrasterende sienings:

1. Die siening dat die meer volledige indringing van Engels ook in die private, sosiale domeine onafwendbaar is en dat verengelsing 'n “natuurlike” sosiale proses is;
2. Die siening dat hierdie proses geensins 'n natuurlike een is nie, maar een van doelbewuste inmenging deur die staat. Laasgenoemde

proses is omkeerbaar, maar die konsensus in die vyftigerjare was dat die prys in linguistiese en etniese konflik dan te hoog sou wees.

Die tweede opvatting het gehandel oor die **kwessie van taal as sodanig**. Reeds in daardie stadium is ingesien dat taal verskillende funksies verrig, enersyds as instrument wat neutraal is en as sodanig die middel tot doelwitte wat te make het met politiese, morele en religieuse kwessies. Taal is nie 'n "doel op sigself nie", maar vervul slegs 'n pragmatiese funksie. Andersyds egter was daar 'n minderheidsopvatting wat taal gesien het as "*die medium vir ons denke en konstitutief vir ons begrip*". Kulturele en religieuse waardes van 'n groep is volgens hierdie beskouing ingebed in die taal self en besluite oor taalvoorkeur en taalverandering kan nie slegs op pragmatiese gronde geneem word nie. Die gebeure in die sewentigerjare van die negentiende eeu (en die besluit oor die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners – AMJ) moet volgens Du Toit teen die agtergrond van laasgenoemde siening beoordeel word (1987:69):

Taal en nasionaliteit word nou die basis vir politieke mobilisering ten einde beheer te verkry oor die regering as hoofmiddel tot die struktuurering van die samelewing en die staatsbestel. Terwyl daar in die vyftigerjare van die 19de eeu nog 'n konsensus was dat taal- en etniese konflikte te verdelend sou wees, word *taalpolitiek nou 'n sterk mag en word taal en nasionaliteit steutelkwessies in die openbare beleid*.

4.3 14 Augustus 1875: Die begin van die mite

Soos vroeër genoem, het Afrikaans as taal kwantitatief gegroei in die eerste sewe dekades van die negentiende eeu, maar moes die taal as kultuurtaal ontwikkel word om status te kon geniet, ook onder die eie sprekers daarvan.

Die amptelike begin van hierdie poging word deur sommige (miteskeppers?) gesien as die stigting van die G.R.A. Om hierdie rede kan 14 Augustus 1875 gesien word as die aanloop tot die mite van Afrikaans as die taal van die "Regte Afrikaners".

Soos in hoofstuk 2 hierbo genoem, beskou Campbell (in Flowers 1988:5) mites as “*stories* of our search through the ages for truth, for meaning, for significance.” Elke storie het die een of ander begin, al is dit dan in die geval van ’n sprokie “Eenmaal, lank, lank gelede...” Soos die sprokie, wat in sy “onskuld” sekere waarhede wil oordra, was die oordrag van die G.R.A.-storie aan Afrikaanse skoliere op skool sekerlik ook daarop gerig om die mite van Afrikaans en die “Regte Afrikaners” as singewende waarheid te help vestig.

Die *storie* van Afrikaans as die taal van die “Regte Afrikaners” begin volgens hierdie betoog in die Paarl in 1875.

Die neerslag van die mite van Afrikaans as die moedertaal en nasionale bindingsmiddel van die Afrikaner vind ons ongeveer tagtig jaar na die stigting van die G.R.A. terug in die volgende uitspraak van Nienaber & Nienaber (1958:20):

Hulle (die Afrikaners – AMJ) moet eers bewus gemaak word van die eenvoudige waarheid dat *Afrikaans hulle moedertaal* is (skrywers se kursivering). Bekerings- en oortuigingswerk moet vooraf verrig word – en soos dit altoos met groot hervormingsbewegings die geval is, sal een of ’n paar intellektueles ’n beter begrip van die reddingsmiddels hê en as hartstogtelike pleitbesorgers vir die nuwe saak optree. *Daar moet dus eers leiers kom wat ’n duidelike visioen kry en dissipels vir die ideaal werf.*

Dit is dus duidelik dat die Nienabers bewus was van die storie (soos hierbo) en dat hulle self ook mitiese elemente daaraan toegevoeg het, soos bv. dat “bekerings- en oortuigingswerk” nodig was voordat die intellektueles as “hartstogtelike pleitbesorgers” in staat was om die volk te oortuig en sodoende “dissipels” vir hulle ideaal te werf.

Alle uitsprake van die Nienabers getuig dus myns insiens van die impak van die betrokke miteskepping in hulle eie lewe, maar ook van die wyse waarop hulle self weer miteskeppend te werk gaan.

Hierdie “intellektueles”², “hartstogtelike pleitbesorgers” en “leiers” met ’n “duidelike visioen” kan gelykgestel word aan die “miteskeppers” na wie in hoofstuk 2 verwys is, terwyl hulle self ook mitiese figure word.

Nienaber & Nienaber 1958 se beskrywings (1958:20-22) van dr. Arnoldus Pannevis (1838-1884) en van C.P. Hoogenhout (1843-1922) roep die beelde van “miteskeppers” maar ook van mitiese figure in eie reg sterk op, hoewel die skrywers nie as sodanig na die twee taalstryders verwys nie. Die relevante woordgebruik word kursief aangedui (sien “Werkwyse” hierbo):

(Pannevis) was Nederlander van geboorte, ’n *groot kenner* van die klassieke en verskeie moderne Europese tale en ’n geleerde wat deur ds. S.J. du Toit *geroem is as die grootste taalkundige* wat Suid-Afrika gehad het. Pannevis was *baie godsdienstig*. Hy het hulle (C.P. Hoogenhout en S.J. du Toit – AMJ) se oë oopgemaak vir die goeie reg van Afrikaans as kultuurtaal, en hulle *aangevuur* om daarvoor in die bresse te tree.

Casper Peter Hoogenhout (1843-1922) is ook ’n Hollander. Die *vrome* Pannevis het hom nie alleen gehelp om sy onderwyserseksamen af te lê nie, maar onder Pannevis se invloed het Hoogenhout ook tot bekering gekom. In later jare het Hoogenhout hom *gedenk as sy ‘dierbaarste vriend op aarde’*. In gesprekke met Pannevis het die jong onderwyser hom van sy vooroordele ten opsigte van Afrikaans kon ontdoen en hy het toe ’n *ywerige voorstander* geword. As dertigjarige bring hy die bewys van sy *geloof in en entoesiasme vir die jong Boeretaal...*

(Weer eens is dit interessant om daarop te let dat die twee Nienabers hier bydra tot die mitologisering van hierdie eerste “taalstryders” se karakters en rolle, maar dat die skrywers terselfdertyd ook as miteskeppers optree – AMJ.)

² Ana Deumert lewer op 5 Februarie 2004 ’n referaat (gereël deur Vic Webb) aan U.P. oor haar navorsing rondom die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. Deumert het onder meer die private korrespondensie van ongeveer 137 ondersekersone in die laaste dekades van die negentiende eeu as navorsingsbron gebruik en data versamel oor genoemde persone se voorkeur vir Nederlandse of Afrikaanse vorme. ’n Interessante brokkie inligting is dat persone wat in hulle persoonlike briewe voorkeur gee aan Afrikaanse vorme eerder as aan Nederlandse vorme jonk, *geleerd* en *entoesiastiese Afrikaner-nasionaliste* is.

Hoewel Pannevis volgens Nienaber & Nienaber die “vader van die Afrikaanse Beweging” genoem kan word en veral die wenslikheid van die Bybel in Afrikaans as ideaal voorgehou het, was hy nie teenwoordig by die stigtingsvergadering van die G.R.A. nie. Moontlik was hier ’n botsing van belange omdat Pannevis, soos genoem, as dryfveer vir die Afrikaanse beweging die vertaling van die Bybel in Afrikaans voorop gestel het.

Du Plessis (1986:37-49) beskryf die tydperk van 1872-1878 in die geskiedenis van die Afrikaanse taalbewegings onder die opskrif die “Bybelvertalingsbeweging” en wys op die uiteindelijke mislukking van dié beweging. In ’n latere hoofstuk (hoofstuk 6), oor onder andere die wisselwerking tussen die historiografie van Afrikaans en mites rondom Afrikaans, verwys ek weer na Du Plessis se standpunt dat die “hele GRA-verering berus op valse aannames” (1986:48). Kennis word intussen geneem van teenargumente teen die G.R.A.-beweging as die werklike “Eerste Afrikaanse Taalbeweging” en bowendien van 14 Augustus 1875 as die begindatum van genoemde taalbeweging.

Interessant genoeg is hierdie datum deur Pannevis self teengestaan in ’n brief aan *De Hollandsche Afrikaan*, 22 Augustus 1883, waarin hy betoog dat sy eie eerste skrywe in verband met die Afrikaanse Bybelvertaling op 7 September 1872 die begin van die Eerste Beweging inlui (Von Wielligh 1922:37, aangehaal deur Van Rensburg, 1989:95):

Want van het eerste begin van de Beweging af was ik daar ten nauwste in betrokken en ten alle tijde is *het lot der volkstaal mij een onderwerp van hoge belangstelling en opmerkzaamheid geweest*; ook heb ik van die voorgevallende gepaste aantekeningen gehouden, zodat men naar de mens gesproken van mij de zuivere waarheid omtrent dit punt kan verwachten.

Teenoor Pannevis se belangrikste oogmerk, nl. om Afrikaans “gereed te maak” en te begin standaardiseer vir die vertaling van die Bybel daarin, het die G.R.A.

veel eerder “n nasionale beweging beoog, met die taalstryd as die vernaamste terrein van aksie in die begin.” (Nienaber & Nienaber 1958:27).

Die rede vir die voortgesette keuse van 14 Augustus 1875 as die mitiese beginmoment van die storie van Afrikaans en die Afrikaner, is veral die voorkoms van besliste mitiese elemente in die volgende uittreksels uit die manifes van die G.R.A. (Nienaber & Nienaber 1958:30) wat hulle in die vorm van ’n “Ope Brief” aan die publiek uiteensit. Nienaber & Nienaber meen dat die G.R.A.-lede in hierdie ope brief “hulle *belydenis* van hulle *nuwe liefde aflê*, met skriftuurlike bewyse die goeie reg van hulle saak verdedig en om ondersteuning vra.”

Elke poging, al is dit nog so swak, om *ons moedertaal*, wat ons *dierbaar en heilig is*, te *bewaar en te verdedig*, sal ons voorstaan en bevorder so *lank as ons leef...* En wat gaan ons dan maak? ... *Regte Afrikaners, ons roep julle op* om saam met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat *ons Liewe Heer vir ons gegee het; om saam met ons te staan vir ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie vóórdat ons taal in alle opsigte algemeen erken is as die volkstaal van ons land...*

Dié miteskeppende gesprek word voortgesit in ’n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 15 Januarie 1876 wat saamval met die eerste aflewering van *Di Afrikaanse Patriot* (Nienaber & Nienaber 1958:31):

So moes meer as een Afrikaner wat *verstand en gees* het, stilbly, omdat hy *geen taal* het waarin hy hom kon uitdruk nie. En die Hollandse of Engelse taal wat hy daartoe wou gebruik, kom hom net so sleg te pas as *Saul se wapenrusting vir Dawid* (vgl. 1 Samuel 17 – AMJ). Nee, *jonge Afrikaners!* Gooi nou weg die *vreemde wapenrusting van Dawid...* Ja, nou kan elke *Afrikaner* skrywe wat hy wil *in sy eie taal...*

Dit behoort in die lig van bogenoemde aanhalings duidelik te wees waarom daar vir die doel van hierdie ondersoek steeds betoog word dat 14 Augustus 1875 die begin van die “*storie van Afrikaans en die Afrikaner*” verteenwoordig.

4.4 Die vaslegging van die mite (1875-1900)

Steyn (1980:138) wys daarop dat die G.R.A. baie vyande gehad het. Onder andere het ds. J.H. Hofmeyr van Somerset-Oos beweer dat die *Patriot* oproer teen die regering verkonding. Die verengelste hoofregter J.H. de Villiers het van Afrikaans gesê:

Poor in the number of its words, weak in its inflections, wanting in accuracy of meaning and incapable in expressing ideas connected with the higher spheres of thought, it will have to undergo great modification before it will be able to produce a literature worthy of the name (aangehaal in G.D. Scholtz 1974:278).

Die anneksasie van Transvaal deur Shepstone in 1877 het volgens Steyn nie slegs 'n nasionale gevoel by die Afrikaners laat ontwaak nie, maar ook 'n sterker taalbewustheid. Dit hou volgens hom verband met die aspek van taalbewegings wat daarop neerkom dat “geskifte wat draer is van die ideale en behoeftes van die bevolking ook 'n nuwe band skep met die taal waarin dit opgestel is” (1980:139). Die *De Zuid-Afrikaan* van 6 November 1880 verdedig op hierdie stadium *Die Afrikaanse Patriot* in mities-gelaaide woorde deur te beweer dat “Die Patriot snaren heeft doen trillen van naar nationale uiting smachtende Afrikaanders” en dat dit die rede is “dat het blad zoo grooten opgang maakt onder het volk.”

Dit herinner aan die uitspraak van Campbell (Flowers 1988:23) in hoofstuk 2:

[...] there is the mythology that is [...] sociological, linking you to a particular society. You are not simply a natural man, you are a *member of a particular group*. (Vergelyk ook Fishman se beskrwyng van “kinship” soos aangehaal in 4.2.1 hierbo.)

Cilliers (1953) (aangehaal in Steyn 1980:142) haal 'n uitspraak in hierdie tydperk van ds. Du Toit aan waarin hy die verengelsing van die meisieskole in die Kaap eweneens in mities-gelaaide taal kritiseer:

Di Engelse Meisiiskole in ons land is di *listigste en gevaarlikste aanslag teen ons Moedertaal*; dit verdring ons taal in di huisgesinne en *vergiftig di fontein van ons nasionaliteit* ... Onse dogters word daar in Amerikaans-Engelse gees en taal en sede opgelei [...] en *vergiftig* [...] tot *taalverraaiers*.

Afgesien van die metaforiese taalgebruik waarmee die mite van die moedertaal as entiteit wat verraai kan word, en die huisgesin en by name die jong vrou as draer (“fontein”) van volksbewussyn of nasionaliteit verwoord word, is dit ook interessant om te let op die sterk verband wat daar tussen “gees, taal en sede” getrek word en op die Bybelse taalgebruik, soos onder meer “listig” waarmee die mite ingeklee word.

Die afleiding kan gemaak word dat uitsprake soos dié by monde van een van hulle vooraanstaande leiers ’n besliste bydrae gemaak het tot **die vestiging van die lewende mite van die Afrikaanse taal as draer - nie net van die nasionale strewe nie – maar ook van die kulturele en geestelike waardes van die Afrikaner**.

Na die taalbewusmakingsfase (vgl. Steyn 1980:79-81) wat waarskynlik een van die belangrikste winste van die vroeë G.R.A.-jare was, het die stigting van die Afrikanerbond in 1880, soos wat tradisioneel aanvaar word, die “politieke fase” van die G.R.A. ingelui (Du Plessis 1986:51). Van hierdie fase beweer Du Plessis dat dit “dié vooroorlogse taalbeweging (was) waar die ‘resep’ **taal as middel tot ’n politieke doel**, sekerlik die beste gewerk het, en beslis die skouspelagtigste resultate gelewer het” (1986:52). In hierdie geval vaar Du Toit nie in sy doelwitstelling uit teen “taalverraaiers” (sien hierbo) nie, maar teen “landsverraaiers” en kry sy betoog ’n duidelike politieke kleur. Hy stel as een van die doelwitte met die Afrikanerbond die daarstel van ’n organisasie wat “die oog hou op die politiek, om *landsverraaiers* uit die raadsaal te weer, en te sorg dat *ware vrinde van die vaderland* hulle plase inneem” (Du Toit, 1882:5).

Die miteskepping hier is duidelik: Afrikaners is “vrinde van die vaderland”, die ander is “landsverraaiers”. In hierdie geval word daar ’n “breër” definisie van “Afrikaner” gegee (vgl. die verwysing na die Hertzogtoesprake vroeër) nl. “almal wat Afrika erken as hulle Vaderland, same woon en werk as broeders van één huis, al is hulle van Engelse, Hollandse, Franse of Duitse afkoms...” (1882:4) en word daar nie melding gemaak van die rol van die Afrikaanse taal as mitiese bindingsmiddel in die bepaling van wie Afrikaners is nie. Maar uit ander aanhalings blyk dit dat S.J. du Toit wel die *Afrikaner* in die handel wil vestig sodat hy nie aan die *Engelse ekonomie* ondergeskik hoef te wees nie, en sy verklaarde taalbeleid vir die *Afrikaanse besighede* word soos volg deur sy seun, J.D. du Toit (Totius), weergegee (1917:217-218):

Net een ding, die Boerewinkels moet deur en deur Hollands of Afrikaans wees, nie Engels nie...

Die mite van die verbondenheid tussen taal en “nasie” word ook bevestig in een van die doelwitte wat deur Du Toit vir die Afrikanerbond uitspel (1882:8-9):

Die beskerming van ons Landstaal moet hoofsaak wees van so ’n Bond, want *taal en nasi is één*; en di wat dit ni tot doelwit stel ni, moet liewers ni lid worde van ons bond ni.

Du Plessis (1986:58) wys daarop dat Du Toit, alhoewel hy die waarde van Afrikaans as propagandamiddel vir die vestiging van die Afrikanerbond hoog aangeslaan het, versigtig was om Nederlands te negeer, en self die begrip “landstaal” verder omskryf het deur te verklaar dat “Hollands of Afrikaans” daardeur verstaan kon word – “daaroor hoef ons nie te strij nie.” (1917:149).

Die Afrikanerbondideaal het volgens Du Toit (1917:174) nie werklik sukses in die Boererepublieke behaal nie omdat die Republieke reeds in die politieke aspirasies van die Afrikaner voorsien het. Ironies genoeg word in die tydperk net voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog ’n sterk anti-nasionale gesindheid aan S.J. du Toit toegeskryf. Du Toit het nl. geweier “om met

Rhodes te breek na die Jameson-inval” en het “die skuld vir die komende Tweede Vryheidsoorlog op die Transvaalse regering gepak.” (Steyn 1980:143). Die karakter van *Di Patriot* verander van nasionaal in anti-nasionaal. Daardeur word ook die taal wat deur die koerant gedra is, skade gedoen.

J.H.H. de Waal skryf terugskouend (De Waal 1939:64-65) dat die lesers van die *Patriot* in die Eerste Vryheidsoorlog nagenoeg almal Republikeine was, maar ten tye van die dreigende Tweede Vryheidsoorlog verwoede Imperialiste en *anti*-Republikeine. De Waal se uitspraak in hierdie verband onderskryf eweneens die mite van die verbondenheid tussen die Afrikaners en Afrikaans baie sterk:

Watter vooruitsig was daar vir Afrikaans in die hande van so 'n omgekeerde, on-Afrikaanse klas? *Dis my ondenkbaar dat jy kan draai teen jou nasie maar darem nog sy taal net so kan waardeer en bemin as vantevore...*

4.5 Die uitbreiding van die mite: Afrikanersolidariteit (1902-1915)

Volgens Nienaber & Nienaber (1958:48) was toestande in die Kaapkolonie teen 1900 baie ongunstig vir die Afrikaner en Afrikaans. Die skolewet van 1865 het daartoe gelei dat Engels deur “opgevoede Afrikaners” gebruik is vir briefwisseling en selfs in gesprekke.

'n *Boerseun* wat hom nie ‘torrerig’ wil voordoene, moes die *Boernooi* in Engels in die openbaar aanspreek, tensy hy haar wil beledig... Die toekoms was vir die Afrikaner so donker soos nog nooit van tevore nie. Van owerheidsweë is alles in die werk gestel om die gebruik van Hollands te ontmoedig en die *Boerevolk los van sy tradisies en instellings te maak...*

Ook in die “twee worstelende Republieke” het Engels “al 'n *houvas op baie burgers gehad...*” (Nienaber & Nienaber 1958:49).

Die implikasie van die skrywers is duidelik: die Afrikaners was teen 1900 besig om te verengels en dit sou beteken dat “die Boerevolk” ook van sy tradisies – en

sy identiteit – vervreem sou raak. Ironies genoeg was dit juis die impak van die Anglo-Boereoorlog wat hierdie proses van verengelsing in 'n groot mate help stuit het. Miteskepping as 'n proses van singewing aan die “Boerevolk” se bestaan en die kweek van 'n hernude gevoel van selfrespek het hier 'n baie groot rol gespeel.

4.5.1 Die impak van die Tweede Vryheidsoorlog op miteskepping

I know little of the actual Peace Conference as I was not a delegate, but the outcome was a foregone conclusion. Every representative had the same disastrous tale to tell of starvation, lack of ammunition, horses and clothing, and of how the great block-house system was strangling their efforts to carry on the war. Added to this was the heavy death-roll among the women and children, of whom twenty-five thousand had already died in the concentration camps, and the universal ruin that had overtaken the country. Every homestead was burned, all crops and live-stock destroyed, and there was nothing left but to bow to the inevitable (Reitz 1983:322 - oorspronklik in 1929 uitgegee deur Faber and Faber, Londen).

Die Anglo-Boere-oorlog as historiese gebeure is nie die fokus van hierdie studie nie, hoewel die miteskepping daaromheen 'n integrale deel is van die miteskepping rondom die Afrikaner waarmee baie Afrikaanse kinders in die loop van die twintigste eeu groot geword het.

Ons is onder meer vertel van die legendariese ontsnappings van Christiaan de Wet, selfs wanneer hy van alle kante omsingel was deur Britse magte, van bekende en minder bekende oorlogshelde (terwyl daar neerhalend en ongeskakeerd teen die “joiners” of “hanskakies” kapsie gemaak is – AMJ), van die laakbare “Verskroeiende Aarde”-beleid, van die dood van 26 000 vroue en kinders in konsentrasiekampe, van die ingryping en liefdesdiens van Emily Hobhouse en van Milner se hatigheid teen die Afrikaners. Etlieke verhale, gedigte en liedere het hierdie miteskepping ondersteun. Dit is duidelik waarom Leroux (1960, aangehaal in Kannemeyer 1980:12) kan beweer dat die krag agter die

mite “’n onomstootlike werkliheid (is)” en byvoeg dat “(d)ie hele verloop van geskiedenis verander (kan) word onder die aanslag daarvan.”

Baie vrae kan na aanleiding van die afloop van die Anglo-Boere-oorlog gevra word, maar die antwoorde bly gegrond op spekulasie. Sou die Afrikaner as groep werklik sterker gestaan het sonder verlies van die groot aantal kinders en vroue wat hulle lewe in Britse kampe verloor het? Indien die wrok by die Afrikaner *juis as gevolg daarvan* nie so sterk was nie, sou hulle dan nie dalk makliker met Milner se uitgesproke beleid om hulle as afsonderlike groep “tot niet te maak” meegegaan het nie? Wat was die impak van die vlag van Afrikanernasionalisme as gevolg van die vergrype deur Brittanje op die verloop van die eerste helfte van die twintigste eeu in Suid-Afrika? En op Afrikaans?

Soos genoem, berus die moontlike antwoorde op hierdie vrae op aannames en vermoedens wat moeilik feitelik bewys kan word, hoewel daar moontlik groot waarheid in steek. Jung (1964:78) beweer dat die mens dikwels nie bewustelik oor sekere kennis beskik nie maar ... “the unconscious seems already informed.”

Conradie weer meen dat daar “’n ontwykende kern in elke mite (is) wat ons hoegenaamd nie met redelike begrippe kan bereik nie. (Die moontlikheid bestaan natuurlik dat juis dié “ontwykende kern” die teiken kan word vir “ontmitologiseerders” wat hulle argumente bou op die feit dat die mite se waarheid nie bewys kan word nie – AMJ.) Die skrywer voer sy argument verder:

As die mite egter niks meer as ’n onware verhaal was nie, sou dit baie moeilik gewees het om te verklaar waarom dit eeue lank so ’n geweldige invloed uitgeoefen het” (Conradie 1964:10).

Die impak van die miteskepping rondom die oorlog en daaruit voortvloeiend rondom die Afrikaner en sy taal, kan in ’n mate verder “afgelees” word uit die gebeure na die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902.

4.5.2 Die mite van die “volgehoue vryheidsdroom” (erkenning aan M.E.R.)

In 1901, nog voor die afloop van die oorlog, skryf Milner in 'n brief (aangehaal in Steyn 1980:172 uit Headlam, 1933) die volgende oor sy oogmerke met die Afrikaners en by implikasie met Afrikaans:

I am all for the most forbearing and generous treatment of the Boers *when they are once completely beaten* – if only because that is the sole means of absorbing and ultimately *getting rid of them as a separate, exclusive caste*.

(Vanuit die *Afrikaanse perspektief* – sien Du Plessis 1992:Vooraf, soos hierbo aangehaal – sal dit 'n mens seker vergewe word as jy wens dat Milner kon sien dat die poging 'n eeu later nog nie geslaag het nie en dat die weerstand teen finale uitwissing nog deur die “Boere” voortgesit word – AMJ.)

Dieselfde standpunt is ook gestel deur

- Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies wat in 1903 op besoek in Suid-Afrika beweer het “any aspirations for a separate Dutch identity ... are absurd and ridiculous” (Scholtz 1978:268, aangehaal in Steyn 1987:49); en
- *The Star*, 18 Maart 1904, wat hom sterk uitgespreek het teen (die Afrikanerstrewe) “to preserve the ‘taal’ from extinction and maintain the burgher population as a separate people living a life apart from that of their English neighbours.” Die koerant se standpunt was dat dit nie moontlik sou wees vir die land om eenheid en 'n “golden unification of races and interests” te bereik nie “unless the *Boers modify their pretensions and forego this aspiration*” (Scholtz 1978:433, aangehaal in Steyn 1987:49).

Daar was onmiddellike en diepgaande weerstand deur sommige Afrikanerleiers teen bogenoemde standpunte van onder andere Milner, Chamberlain en die Engelse pers. Een so 'n leier was die legendariese generaal Christiaan de Wet, wat naas sy militêre leierskap in die Anglo-Boereoorlog na die Vrede van

Vereeniging ook weer as kultuur- en politieke leier prominent was. As “sterk taalbewuste Afrikaner” (Steyn 1980:195) het hy hom reeds in 1904 by ’n nasionale kongres uitgespreek ten gunste van die stigting van C.N.O.-skole (Christelik-Nasionale Onderwyskole):

Al moeten wij onszelf en onze familien van benodigdheden afkniipen *om onze taal te behouden, zullen wij het doen tot den dag dat het God sal behagen het hart van die Regering te weken alvorens ons volk uitgewist is* (“Speciaal Bijvoegsel tot *Het Westen*, 23/2/1915”, aangehaal in Steyn 1980:195).

Wat myns insiens veral insiggewend is in verband met die bostaande uittreksel, is die implikasie dat die *taal* behou moet word sodat die *volk* nie uitgewis word nie. Daar is hiervolgens ’n mitiese binding tussen taal en volk wat duidelik dui op die simboliese status wat Afrikaans reeds in 1915 vir die Afrikaner gehad het.

’n Prominente figuur binne die Afrikaner-kultuurmilieu wat haar eie persepsie oor hierdie tyd onder woorde gebring het, is die skryfster M.E.R. (Maria Elizabeth Rothmann). Teenoor die standpunt van Milner om “toegeeflik” te wees ter wille van assimilering van die Afrikaner as groep binne die Engelse kultuur, gee M.E.R. ’n uiteensetting van die politieke dryfvere van sowel die “Engelse volk” as “die Afrikaner” (1972:166): (Daar is soveel relevante stof hier in verband met miteskepping dat die hieropvolgende uittreksel uit die skryfster se bespreking woordeliks aangehaal word.)

Wat met ons as volk gebeur het, het vir my, soos vir *elke normale Afrikaner*, altyd diep aangegaan.... Ook leef ’n mens nie alleen in die eie persoon nie, maar *deur en met jou volk*. *Word die volk se lewensfunksies gekeer, kwyn die individu ook...* Vir hulle (die Engelse – AMJ) was *onse volksgees* net so tot ewige las... Maar hierdie Engelse volk is *met die oortuiging gebore* dat ander volke, ander tale, ander tradisies, sedes, gewoontes nie eintlik daarop aankom nie, en dat *die enigste werklike bestaansreg, dié van die Engelse volk*, tog eindelijk deur almal erken moet word... “Vryheid, vryheid, dierbaar ding!” Dit is *die droom wat elk van die twee geërf het* van die voorsate (nogal oorspronklik gesamentlike voorsate!) – *’n standhoudende droom*. En elk, as hy die nugter bestaansfeite bekyk, kan glad nie sien hoe hy *die dierbare vryheid* kan

besit nie as die ander daar is. Maar, vas aan sy droom, droom elk ook sommer dat die ander skielik van wese sal verander, of dat hy *deur 'n towerslag uit Suid-Afrika sal wegraak*. Wat het die Afrikaners tog nie al onder die *betowering van die vryheidsdroom beleef en verduur nie!* Slagtersnek. Die Trek. Vegkop. Bloedrivier. Majuba. Rhodes. Jameson. Die Tweede Vryheidsoorlog. Vereeniging. Milner. Die goud- en diamantbase. Die Konsiliasiepolitiek. Die *droom bly nog*.

Die skryfster skets vervolgens die gebeure na die Vrede van Vereeniging (1902) toe “selfregering” in 1906 deur die Liberale Party in Engeland aan die voormalige Boererepublieke toegestaan is. Volgens haar het oud-president Steyn van die Vrystaat in dié jare 'n baie belangrike rol gespeel deurdat hy “gewerk (het) vir die bewaring van die *siel* van sy volk. *Al het die volk, soos die Bybel leer, die hele wêreld verloor, sy siel moes nog behoue bly.*” Steyn met die “gebroke liggaam en *sterk, groot gees*” het “in alle rigtings gewerk – vir Unie, vir die viering van Dingaansdag oor die hele land, vir die Vrouemonument, en vir *al die onsigbare versterkings wat so 'n arme siel so nodig het.*” In die lig hiervan is die skryfster se gevolgtrekking: “Ek wonder wat van ons in daardie tyd sonder Steyn sou geword het?”(1972:167).

Die voortsetting van hierdie vryheidstrewes asook die Afrikaners van destyds se ontugtering met Louis Botha, skets M.E.R. verder soos volg (1972:167):

Oral in die land, op onse dorp kon jy dit (die voortsetting van die vryheidsdroom – AMJ) sien in die *stigting van 'n tak van die Arikaanse Taalvereniging*, nieteenstaande die afkeuring van die ou mense (wat Nederlands nog aangehang het – AMJ). Onse liewe ds. Botha, toe moderator van die Kaaplandse kerk, het die A.T.V. genoem die “Arme Taalverknoeiers”. En ons kon dit sien aan die hele geskiedenis van die Privaatskool en *die verowering van leierskap in die onderwys deur die Afrikaner*. Maar dit het baie swaar gegaan: ons was oral, op die kleinste dorp, omring van teenstand. As ek nou die lewensbeskrywing van Steyn en Hertzog lees, vind ek in hulle briewe van daardie tyd, *soos in 'n spieël, ons hele nimmerverslappende opdraand gesukkel om onself te bly*.

Hierdie stryd van die Afrikaner “om homself te bly” word ook verwoord in 'n artikel in *Die Brandwag* in 1910, geskryf deur “Nig Miemie” (moontlik ook M.E.R.) soos

verhaal in Steyn (1987:80-81). Dit handel oor taaltoestande in sommige Kaaplandse skole, waar kinders strafmerke ('n R in rooi ink in hulle strafboekies) gekry het as hulle een van die skoolreëls oortree deur “Hollands” te praat. Daar is dan, volgens die artikel, op sekere spesiale vakansiedae een van die moedigste meisies afgevaardig om “die hoofonderwyseres verlof te gaan vra om tog Hollands te mag praat.” Die skryfster sê dat sy in haar geestesoog “nog die ou klompie sien staan [...] met 'n gemengd gevoel van twyfel en versekering die aankoms van die afgevaardigde af te wag...”

Steyn se slotsom in hierdie verband is:

'n Deel van die eienaardige Afrikaner-reaksie op die Engelssprekende reaksie op die stryd vir die erkenning van Afrikaans kan mens seker uit hierdie deerniswekkende omstandighede verklaar. Die beeld van sulke Afrikaners oor hoe 'n Afrikaner moet wees, is gevorm na die beeld van *hoe 'n Engelssprekende meen 'n Afrikaner behoort te wees – onder meer iemand wat die wêreld nie omkrap deur hom vir sy eie taal te beywer nie.*

M.E.R. skets ook die Afrikaner se intense teleurstelling in hierdie tyd (rondom 1910) in Louis Botha, sy eens heldhaftige generaal. Die rede waarom die teleurstelling in Louis Botha soveel meer intens was as dié rondom Smuts spel sy soos volg uit:

Jan Smuts het nog baie meer vir Engelse belange gewerk as wat Louis Botha ooit by magte was om te doen, maar die gevoel wat ons omtrent Smuts gehad het, was nooit teleurstelling nie. Hy het nooit onse liefde gehad nie – sou dit ook nie hê nie. Maar Louis Botha was ons *geliefde held* en hy het daardie *liefde en verering* verdien... (M.E.R.1972:168).

Maar:

Toe kom Unie in 1910. Die verwydering tussen Botha en Hertzog het ... steeds groter geword. Die twee het *verskillende vryheidsdrome* gehad: Botha se één prediking was konsiliasie: dié van Hertzog was “Suid-Afrika Eerste”... Op elke dorp en plaas was daar Hertzogmanne en Bothamanne. Moeders het hulle seuntjies geleer sê: *Ek is 'n Hertzogman!* as hulle nog skaars kon praat (1972:169).

Steyn (1980:201) haal uit Engelenburg, 1928 aan om die omvang van die teleurstelling in Botha te illustreer. Hy is uitgekryt as 'n Judas, bloedhond, verraaiër en moordenaar.

Smuts het egter nie ligter daarvan afgekom nie. Volgens Steyn (1980:201) vertel Crafford(s.j.) hoedat Smuts se vergaderings in die 1915-verkiesingsveldtog “dikwels in wanorde uiteen (is).” Mense het “van heinde en verre” na Smuts se vergaderings in sy kiesafdeling, Pretoria-Wes, gekom en hom toegeroep: “Renegaat!”, “Moordenaar!”, “*Storter van broederbloed!*” Daar is dan ook op feitlik elke vergadering uitgeskree: “*Waar is Christiaan Beyers?*” “*Wie het De la Rey doodgemaak?*” “*Wie het Jopie Fourie vermoor?*” (Met die implikasie dat Jan Smuts verantwoordelik gehou moet word in al hierdie gevalle – AMJ.)

Dit is duidelik dat die genoemde verwysings na heldefigure soos die 1914-rebel Jopie Fourie wat deur sy mede-Afrikaners ter dood veroordeel is miteskeppend gewerk het net soos die geval was met Abraham Esau (vgl. hoofstuk 2):

And they built him up into a mythical individual [...] the martyrdom of Abraham Esau served a recognizable function. It met a psychological need [...] and offered an integrating element at this particular historical moment. (Nasson 1990: 116,118).

M.E.R. skets dan die impak van Hertzog se bekende De Wildt-toespraak in 1912 waarin hy weer sy “Suid-Afrika eerste”-droom uitspel en 'n krisis ontstaan in die Botha-kabinet, “*'n krisis oor Suid-Afrika eerste*, en dit omdat Louis Botha dit nie meer kon uithou dat iemand oral en openlik die belange van Suid-Afrika bo alle ander belange stel nie – Louis Botha, die *dapper*, die *onverskrokke*, die *geliefde kommandant-generaal van die republieke*” (1972:169).

Uit bostaande kommentaar is dit duidelik in watter mate leiers soos Steyn en Hertzog na die Anglo-Boereoorlog meegehelp het om te bou aan die mite van die

voortsetting van die Afrikanervolk – “gewond maar onoorwonne” – en sy taal, Afrikaans.

4.5.3 C.J. Langenhoven se pleidooi vir Afrikaans as voertaal in die “laer” onderwys tydens die jaarvergadering van die “Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” te Bloemfontein in Julie 1914

Daar bestaan geen twyfel nie dat C.J. Langenhoven, soos M.E.R., in ongeveer dieselfde tydperk ’n baie belangrike miteskepper rondom die Afrikaner en Afrikaans was.

Langenhoven het nog ná die oorlog ’n keuse vir Engels gemaak teen die “onbruikbare, onleerbare, in Suid-Afrika morsdooie Hooghollands... “ (*U dienswillige dienaar*, 1932:345) en het selfs sy stiefkinders gemaan om Engels te praat aan tafel ter wille van ’n beter opvoeding (Kannemeyer 1995:224).

Na ’n “definitiewe deurbraak omstreeks April of Mei 1910” het hy egter “sy eintlike missie in die lewe gevind, naamlik om te veg vir die regte van Afrikaans en om literatuur te skep wat die aansien van die taal sou verhoog (Kannemeyer 1995:236).

Sonder om al die besonderhede te gee van sy goed beredeneerde uiteensetting in 1914 voor die hierbo genoemde Akademie rondom die wenslikheid van Afrikaans as onderwysmedium, word daar op die onteenseglik miteskeppende diskoers in hierdie lesing gewys:-

Langenhoven begin sy betoog met die anekdote van Euklides wat in twintig stellings die teorie uiteengesit het dat die “regstreekse koers die kortste pad is na ’n gegewe bestemming.” Sy leerling het hom daarvan beskuldig dat hy onnodig omslagtig is omdat ’n “dors donkie” dit ook weet deur die kortste pad dam toe te kies in plaas van ’n ompad. Hierop het Euklides geantwoord dat ’n donkie dit mag weet, maar dit nie sou kon bewys nie! Wat betref miteskepping rondom

Afrikaans en die behoefte aan Afrikaans by die “nasie” verduidelik Langenhoven die saak steeds binne die metaforiek van die donkie en die water soos volg (1934:15):

Die donkie het dors. Sy vulletjie het dors. Hy sien duisende ander dorstige vulletjies rondom hom van sy nasie. Hy weet waar die dam water is om die dors te les. Hy weet die naaste pad soheentoe; maar die pad is verspér.

(Uit die res van die lesing word die vermoede bevestig dat die “water wat die dors kan les” die huistaal van die “vulletjies”, Afrikaans, is – AMJ.)

Langenhoven bou sy volgende argument rondom die ooreenkomste en verskille tussen die woorde *moeder* en *mother* wat klankmatig feitlik dieselfde is en uiteraard albei dieselfde “logiese definisie” het. Die Engelse *mother* het hy egter by sy Engelse goewernant geleer en die woord verteenwoordig daarom vir hom ’n “intellektuele geskiedenis” en nie ’n “psiegiese” een nie, terwyl die Afrikaanse *moeder* “’n goue draadjie deur die bonte weefsel van (sy) siele-geskiedenis (vleg)” (1934:20). Hy verwys dan na die feit dat Latyn in die Middeleeue die taal van geleerdheid was, en dat geleerdes dit goed geken het. Nogtans was dié tydperk letterkundig gesproke ’n “dorre woestyn”: die “*mother* wou maar nie hulle *moeder* word nie” (1934:23).

Die uitgangpunte van eietydse taalsosioloë soos onder meer Vic Webb (wat na taal as “merker van sosio-kulturele identiteit” verwys – soos voorheen aangehaal), word deur Langenhoven in 1914 reeds soos volg verwoord:

...ons het reeds gesien dat die moedertaal van die individu meer is as sy verstands-medium. Dit is ook sy gevoels-medium. En juis omdat dieselfde gevoels-medium die kommunkasie-band vorm tussen al die lede van die volk, *daarom is die volks-taal die semént van nasionale gevoel* (1934:25-26) (my kursivering).

Hy spreek voorts ’n kommer uit wat myns insiens in die eie tyd steeds ewe geldig is, nl. dat Afrikaanse kinders wat Engels as die meerderwaardige taal en kultuur

ervaar, die persepsie sal ontwikkel dat hulle self minderwaardig is – “nie omdat (h)y (die Engelssprekende - AMJ) dit sê nie, maar deur my eie erkenenis:”-

Ons kinders word nie opgevoed om op hulle bors te kan slaan en hulle hoof hoog te hou en 'n ander nasie-man in die oë te kyk en te sê: “Ek is 'n Afrikaner en jou gelyke, en as dit op dae daarop aankom, jou meerdere” nie... (1934:66).

'n Laaste baie belangrike aspek van miteskepping in hierdie lesing van Langenhoven is sy bekende uitspraak rondom Afrikaans (1934:67):

... dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste *witmans-taal wat in Suid-Afrika gemaak is* en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed dra van alles wat ons en ons vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriomfeer het; die één band wat ons as nasie aan mekaar het; *die uitgedrukte siel van ons volk* (my kursivering).

Twee afleidings uit bostaande woorde van een van Afrikaans se heel belangrikste vroeë miteskeppers, is die volgende:

- Afrikaans is in die naoorlogse tydperk baie eksplisiet deur sy intellektuele leiers as mitiese bindingsmiddel van Afrikaner-volksidentiteit en Afrikanernasionalisme verwoord; en
- Afrikaans is deur Langenhoven beskou as uitsluitlik 'n “witmans-taal” (volgens Steyn 1980:276 moontlik juis so gedefinieer in reaksie op die stigmasering van Afrikaans in die negentiende eeu as “Hotnotstaal”).

Hierdie stelling van Afrikaans as “witmans-taal” het waarskynlik bygedra tot die vestiging van die mite van Afrikaans as “eksklusiewe besit” van wit Afrikaanssprekendes (soos in hoofstuk 5 van hierdie proefskrif weer bespreek word), maar is deur die werk van latere taalsosioloë rondom die “veelrassige” aard van Afrikaans, hermitologiseer.

Binne die diskoers van hierdie proefskrif sou daar egter beweer kon word dat sekere aspekte van Langenhoven se miteskeppende standpunt nog in baie opsigte as geldig beskou kan word:

1. Afrikaans is wel 'n taal wat in Afrika gemaak is en wat dus nie oor die see gekom het nie;
2. Afrikaans dra steeds die “spore” – in sy woordeskat, letterkunde en simboolwaarde – van die “lief en leed” van die Afrikanervolk; en
3. Alhoewel die historiografie van Afrikaans ná Langenhoven die beduidende impak van die slawe uit die Ooste, asook van die inheemse bevolking van Suid-Afrika op die wording van Afrikaans deeglik in berekening bring, bevestig navorsing (soos onder meer dié van Theo du Plessis rondom die Afrikaanse taalbewegings) dat (wit) Afrikanernasionalisme 'n belangrike bydrae gelewer het tot die statusverwerwing van Afrikaans.

Die “mite van Afrikaans as witmans-taal” het dus nuwe inhoude gekry en is hermitologiseer om die rol van bruin en swart mense in die wording van Afrikaans te verreken, maar die wesentlike “waarheid” van die Afrikaverbondenheid van Afrikaans **en** van wit mense se belangrike bydrae t.o.v. statusverwerwing vir Afrikaans het steeds 'n “tydlose waarheidskwaliteit” wat die mite nie volkome ongeldig maak nie.

4.5.4 Afrikaans as mitiese “middel tot die (politieke) opheffing en vereniging van Afrikaners”

Verskeie taalstryders het 'n intuïtiewe insig gehad in die *taalsosiologiese faktore wat die groei van 'n taal bepaal* – pres. Steyn in die selfbeeld, genl. Hertzog en pres. Steyn in die waarde van amptelike erkenning, verskeie ander in die belangrikheid van die ekonomiese aantrekkingskrag, kulturele waarde en onderwys (Steyn 1980:215-216).

In verband met die sogenaamde “naoorlogse taalbeweging” en Hertzog se rol daarin maak Du Plessis die volgende insiggewende opmerkings (1986:72,73):

Die Naoorlogse Afrikaanse Taalbeweging vanaf 1914 kan beskou word as 'n Afrikaanse taalbeweging omdat Afrikaans (noordelike Afrikaans) pertinent deur leiers soos J.B.M. Hertzog gebruik is as *middel tot die politieke opheffing en vereniging van Afrikaners* binne die nuwe Afrikanerpartypolitieke organisasie, die Nasionale Party. Heelwat gegewens uit die beskikbare literatuur bevestig hierdie waarneming.

Du Plessis haal voorts onder andere vir Giliomee en P.J. Nienaber aan in verband met die rol van Hertzog:

Hertzog [...] from an early stage *employed language as a mobilizing tool* ... (Giliomee 1979:106);

en

(Hertzog het) *die taal as uitgangspunt vir die handhawingstryd* van die Afrikaner geneem (Nienaber 1964:82).

Volgens Du Plessis het Hertzog "Hollands" gebruik as taal vir die genoemde politieke manipulasie van die Afrikaner. Hierby het Hertzog Nederlands en Afrikaans ingesluit. Du Plessis wys egter daarop dat "so 'n indeling op geen (taalkundige) gronde (berus) nie, aangesien Hollands 'n dialek van Nederlands is" (1986:74). Die plan het nogtans vrugte afgewerp, want in 1917, drie jaar na die stigting van die Nasionale Party, is Afrikaans as die party se amptelike taal aanvaar, en in 1925 word Afrikaans 'n amptelike taal naas Engels en Nederlands.

(Besonderhede oor genoemde gebeure is nie hier so belangrik as die afdoende bewyse van die resultate van die mitologiseringsproses tot op daardie stadium nie – AMJ.)

4.6 Die mite "kry vlerke": die stigting van die Nasionale Party en statusverwerwing vir Afrikaans (1915-1925)

4.6.1 Die "Afrikaner-party" en Afrikaans

Du Plessis (1986:74) haal uit Van Heerden, 1975:241 aan om daarop te wys dat die Nasionale Party binne twee jaar na sy stigting in 1914 reeds "sy vlerke oor die hele land gespan (het)" en die "boodskap van Afrikanernasionalisme kragtig

uitgedra het.” Du Plessis wys daarop dat volgens Scholtz (1979:39) hierdie nasionalisme “die Afrikaner gedwing (het) om *vir die gelyke erkenning van sy taal te stry*” en maak dan die volgende afleiding (1986:75):

In die lig daarvan spreek dit vanself dat elke politieke terrein wat die Nasionale Party sou verower, ook ’n wins vir Afrikaans sou wees. *Die party het gestaan vir die Afrikanerbelang – ook vir sy taalregte.*

(Hierdie feit was van toepassing op die jare wat beskou kan word as die aanloop tot die Nasionale Party-meerderheid in 1948, maar ook daarna en uiteindelik tot met die einde van dié party se bewind na die demokratiese verkiesing deur alle stemgeregtigdes van alle bevolkingsgroepe in die land in 1994.)

4.6.2 Miteskepping in die Afrikaanse pers, 1915

Naas die stigting van die Nasionale Party in 1914, kom daar in 1915 ook twee invloedryke Afrikaanse koerante, *Het Westen* (na Maart 1915 *Het Volksblad*) en *De Burger* tot stand.

Hoewel *Het Westen* nie die rebellie steun nie, toon die koerant duidelik begrip vir die rebelle en herinner lesers daaraan dat “*ze nog ons vlees en bloed*” is. (Steyn 1980:198).

Die mite van één Afrikanervolk in wording word in verskeie uitsprake in *Het Westen* in 1915 uitgespel. So bestempel die koerant homself as “een mondstuk van de Afrikaner” (12 Maart 1915, aangehaal in Steyn 1980:198) en verduidelik in die laaste uitgawe voor die naamsverandering na *Het Volksblad* dat die koerant *tuis gekom het* in baie huise in die Oos- en Wes-Transvaal, baie huise in elke distrik in die Vrystaat en die meeste dele van die Kaapkolonie.

En verder:

Dit nationale blad was feitelik *een volksblad* geworden... *Het is het volk, het is Z.A. die ons roept en wel met een stem welke met elke post al luider klinkt en meer nadruk er op legt...* (23 Maart 1915, Steyn 1980:198).

Oor die reaksie van lesers op die koerant, berig die redakteur van *Het Westen* op 16 Maart 1915 soos volg (Steyn 1980:199):

Geen vleierij, geen kunstmatige praatjes van dank. Nee, *een onkeerbare stroom van volksliefde en diepte van gevoel* welke we niet kunnen vertolken... Wat is dit? Wat betekent het? *Het nationale hart begint te spreken, begint te smachten naar zijn eigen dat hem toebehoort, zijn Afrikaner volk. Het smacht naar dat wat Afrikaans is, zelfs 'n kind smacht naar zijn moeder die afwezig is.* Overdreven is het niet. De tekenen zijn er; ze stromen op dit kantoor binnen.

Hierdie “roering van die volkshart” soos die koerant dit ervaar, word nog verder verduidelik in die uitgawe van 26 Maart 1915 (Steyn 1980:199):

Het is werkelijk onverklaarbaar. Het is *'n roering welke uit het hart opwelt naar de lippen en die zeggen met tevredenheid en met trots: “Ik is Afrikaner”*. Het is een stille zachte, vredelievende stroom die door Zuid-Afrika gaat en elkeen die daarmee in aanraking komt doet zuchten: “Ek is daarom blij dat ik Afrikaner is”. *En met dit zucht verdwijnt de Vaal Rivier, verdwijnt de Oranje Rivier, verdwijnt het woord Kapenaar, Vrijstater of Transvaler. Er is net één uitroep in het hart: “Ik is Afrikaner” en het hart wordt week tegenover dat wat Afrikaans is...*

Dit is van belang vir hierdie studie om daarop te let dat, hoewel die taal in bostaande aanhaling nog meer Nederlands as Afrikaans is (hoewel met insiggewende afwykings soos “Ik **is** Afrikaner”), die begrip “Afrikaner” en “Afrikaans” reeds teen 1915 goed gevestig blyk te wees. Daar is ook duidelik reeds 'n onteenseglike verband tussen die Afrikaner en Afrikaans (vergelyk bv. die uitspraak dat diegene wat verklaar dat hulle “Afrikaners” is, se harte ook “week” word “tegenover *dat wat Afrikaans* “ is). Mens sou dus kon beweer dat die mite van Afrikaans as die bindmiddel en “eiendom” van die Afrikaner hier reeds gevestig begin raak het.

4.6.3 Die begin van ekonomiese mobilisasie deur Afrikaners

Afrikanernasionalisme het vinnig opgebloeï in die eerste dekade van die twintigste eeu, en het veral momentum gekry na die 1914-rebellie (waartydens broerdertwis ontstaan het oor deelname saam met Brittanje aan die Eerste Wêreldoorlog al dan nie) en die 1922-Mynwerkerstaking. Hierdie staking oor loonsverlaging het onder die steenkoolmynwerkers begin en daarna na die goudmynwerkers uitgebrei. Genl. Smuts het die staking met geweld onderdruk, maar dit het hom politieke steun gekos en die Nasionale Party-/ Arbeidersparty-koalisie in 1924 die verkiesing laat wen. Die belange van die werkers – onder wie op hierdie stadium baie Afrikaners was – is deur hierdie koalisie gedien.

M.E.R. beskryf hierdie gebeurtenis en die Afrikaner-reaksie daarop soos volg (1972: 222):

[...] die Nasionaliste het in 1924 aan bewind gekom, vir die eerste maal. Die opgewondenheid in onse redaksiekantore in Keeromstraat (sy was toe in die redaksie van *Die Burger* – AMJ) was groot! Ek onthou ook hoe ek eendag, toe die eerste vreugderoes verby was ... gesê het: "En wat gaan *die Mammon* nou maak?" Want vir my was dit 'n onmoontlikheid dat *die Mammon* op die Nasionale Kabinet die geringste vat kon kry. Nou ... kan die Afrikaner *ons land en volk regeer* en al die dinge tot uitvoer bring, *ten bate van land en volk*, waarvan ons al so lank gepraat en geskryf het, en wat *die Engelse nimmer en nooit sou uitvoer nie*. So het ek [...] gedink; en so ook seker *duisende Afrikaners*.

Hoewel hierdie twee gebeure (die Rebellie en die mynwerkerstaking) in sigself traumaties was, het hulle positiewe gevolge gehad ten opsigte van Afrikaans en Afrikanernasionalisme. Steyn (1980:197, 201) reken dat Afrikaans onregstreeks daardeur bevorder is omdat die volksgevoel van die Afrikaner daardeur versterk is.

Afrikanernasionalisme en die eenheidsgevoel onder Afrikaners het ook aanleiding gegee tot die "Helpmekaar-geldinsameling" na 1914 waarmee skuldeise teen en boetes van die Kaapse rebelle betaal is deur mede-Afrikaners,

veral van die Vrystaat en Kaapland. Genoeg geld is hiervoor ingesamel en daar was selfs geld oor. Steyn (1980:200) se afleiding is dat die sukses van die Helpmekaar-insameling “*sielkundig van aard*” was:

Die Afrikaners het besef dat hulle, hoe arm hulle ook al was, tog heelwat geld het... ’n paar maande daarna, in Maart en April 1918, is die eerste groot moderne Afrikanerondernemings gestig, naamlik Santam en Sanlam.

4.6.4 Die Afrikaner-“*Broederbond*”

In die tydperk net na die 1914-rebellie en op grond van die sukses met die Helpmekaar-fondsinsameling het die “gedagte posgevat om die Afrikaner-Broederbond (AB) te stig” (Steyn 1980:200).

Daar was wel later jare heelwat kritiek teen die AB, skryf Steyn, maar “wat selfs teenstanders toegee, is dat die stigting destyds geregverdig was en die AB baie gedoen het om diskriminasie teen *Afrikaners en Afrikaans* te verminder. Die Broeders het hulle byvoorbeeld beywer vir ’n geneeskunde-fakulteit aan ’n Afrikaanse universiteit, die bevordering van Afrikaans in die regs- en handelswêreld en die opheffing van verarmde Afrikaners.”

Hierdie neiging om die “eie groep” op te hef, na sy armes om te sien en sy ongeletterdes te onderrig – al is dit soms deur miteskepping vanuit die eie lewensbeskouing – is myns insiens een van die eienskappe wat baie kenmerkend was van die Afrikaner in die tydperk onder bespreking. Dit het dan ook weer verder bygedra tot die uitbouing van die Afrikanermities van Christelikheid, nasionaliteit en die “Wonder van Afrikaans.”

4.6.5 Die ampstaalwording van Afrikaans

Du Plessis beweer dat die Naoorlogse Taalbeweging die “enigste taalbeweging (is) wat uitgeloop het op die standaardisasie van Afrikaans” en daarom die

“enigste suksesvolle taalbeweging.” (1986:75). Hierdie proses van standaardisasie word in 1914 reeds aangevoer en loop uit op die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925.

Onder die hoogtepunte in bogenoemde standaardisasieproses wat uitgeloop het op ampstaalwording, noem Du Plessis (1986:76) onder meer die volgende hoogtepunte:

- Langenhoven se pleidooi in 1914 voor die Kaaplandse Provinsiale Administrasie om Afrikaans as onderwysmedium in te voer³. (Goedkeuring word verleen op voorwaarde dat die toe reeds gestigte Akademie spel- en skryfreëls opstel en handboeke voorsien);
- Goedkeuring op 15 September 1915 van die algemeen-erkende spelreëls vir Afrikaans soos opgestel deur 'n Akademie-kommissie;
- Die verskyning in 1917 van die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (die AWS) van die Akademie in 'n oplaag van 2000 eksemplare (die AWS beleef in 1921 reeds 'n derde druk);
- Die verskyning in 1922 van 'n Afrikaanse vertaling van “Die Vier Evangelies en die Psalms”;
- Toekenning in 1925 van volle amptelike status aan Afrikaans naas Engels en Nederlands;
- Die opdrag in 1926 vir die saamstel van 'n omvattende Afrikaanse woordeboek, die “Woordeboek van die Afrikaanse Taal” (die WAT).

³ Sien die bespreking rondom die soortgelyke pleidooi oor Afrikaans as voertaal in die laer onderwys tydens die jaarvergadering van die Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” in Bloemfontein in 1914 (4.5.3 hierbo).

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik dat Afrikaans ook wat die korpusbeplanningsaspekte van taalbeplanning betref, gestandaardiseer moes word, aangesien standaardisasie en verskrifteliking van 'n taal 'n voorvereiste vir amptelike status vir die betrokke taal is. Andersyds het die behoefte onder Afrikanernasionaliste en -kultuurleiers aan statusuitbreiding vir Afrikaans die motivering tot standaardisasie en kultivering van die taal gebied. Ponelis (1992:72) bevestig hierdie stelling:

Die belangrikste *sosiale dryfkrag* agter die *waardering* en die daaropvolgende *kultivering* van *Afrikaans* was *Afrikanernasionalisme*, wat in die geskiedenis bekend staan as die Tweede Taalbeweging (Du Plessis: die *Naoorlogse taalbeweging* – AMJ).

4.7 Die handhawing van die mite (1925-1938)

4.7.1 Die “handhaaffase” van die “naoorlogse taalbeweging”

Du Plessis (1986:78) wys daarop dat 1925 en die amptelike erkenning van Afrikaans die “strydfase” van die Naoorlogse Taalbeweging afgesluit het en die “handhaaffase” ingelui het, en maak dan die volgende afleiding:

Die dryfveer agter die “handhaaffase” van die Naoorlogse Taalbeweging is steeds *Afrikanerpolitiek*. *Afrikaans staan steeds in diens van hierdie politiek*. *Dit is immers een van die redes waarom Afrikaans vandag so erg verpolitiseer is*.

Hierdie uitspraak van Du Plessis is van belang vir die gang van hierdie studie, aangesien dit reeds lig kan werp op die intense verbondenheid tussen “regte Afrikaners” en hulle taal, wat tot in die huidige bedeling ingedra is en sommige Afrikaners laat dreig om “die wapens op te neem” vir die behoud van Afrikaans. Dit is ook die rede waarop P.H. Swanepoel in sy intreerede as departementshoof van Afrikaans aan Unisa, 29 Augustus 1991, kon praat van die “liefdesverhouding tussen Afrikaans en die Afrikaanssprekende”.

Naas die korpusontwikkeling wat ook in die genoemde fase momentum gekry het, was die handhawing van Afrikaans se nuutverworwe status vir die taalstryders van die allergrootste belang. Afrikanerorganisasies soos onder andere die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (die FAK) wat in 1929 opgerig is, het hulle doelgerig hiervoor bemoei.

4.7.2 Korpusontwikkeling ter ondersteuning van die mite

Volgens Du Plessis het die tweede fase van die Naoorlogse Taalbeweging ook verdere korpusontwikkeling ingesluit in die vorm van leksikale modernisasie en vaktaalontwikkeling. Soveel is na 1925 gedoen ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaans as kultuurtaal dat die taalkundige, M.J. Posthumus, in 1956 kon verklaar:

Ek glo nie ons generasie is in staat om die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope dertig jaar in sy volle omvang te skat nie. Dit het alles so sonder basuingeskal plaasgevind, maar die uitwerking daarvan is nou al beslissend vir die toekoms (aangehaal in Steyn 1980:211).

Steyn beweer in hierdie verband dat 'n taalbeweging nie alleen "n stryd (het) om bepaalde 'hoë funksies' vir die taal te verower nie, maar ook *om die taal geskik te maak vir dié funksies* (Steyn 1980:211).

4.7.3 Vir en teen Afrikaans-moedertaalskole

Intussen ontstaan daar in die jare twintig en dertig baie Afrikaanse moedertaalskole. Baie Afrikaanse ouers het nie van die moedertaalskole gebruik gemaak nie, maar steeds hulle kinders in Engelse skole gesit "ter wille van beter kansen in die oorwegend Engelse stede" (Steyn 1980:208). (In hierdie verband blyk die mite van "niks nuuts onder die son nie" duidelik waar te wees –AMJ.)

Andersyds was daar ook "trouwe Afrikaners" (vgl. Steyn 1987) wat op verskeie maniere hulle taalgetrouheid gehandhaaf het. Een so 'n voorval wat in *Die*

Weste van 2 Oktober 1931 berig is, was dié van 'n seun wat op 'n Johannesburgse sportbyeenkoms die halfmyl gewen het en toe sy medalje geweier het omdat daar nie ook Afrikaans op was nie. Dieselfde besluit is deur 'n tweede seun by dieselfde byeenkoms geneem nadat hy die versprings gewen het. Laasgenoemde het gevra of hy eers na die medalje mag kyk voordat hy dit neem. Toe die persoon wat die medalje sou oorhandig, daarop antwoord dat die seun die medalje moes neem of los, het hy dit geweier. Albei hierdie leerlinge was atlete van die Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria (Steyn 1987:1).

Afrikaanse kinders wie se ouers minder taalgetrou was en verkies het dat hulle kinders in Engels skoolgaan, het dikwels skolasties daaronder gely. Steyn noem die geval van 102 kinders in een Engelse skool wat in 1933 in opdrag van die Transvaalse Administrateur verstandelik ondersoek is omdat hulle nie kon vorder nie. Daar is bevind dat hulle verstandelik niks makeer het nie, maar dat hulle nie kon vorder nie omdat hulle almal Afrikaans was en nie in die Engelse skool kon vorder nie (1980:209).

Engelse organisasies en die Engelse pers was sterk gekant teen Afrikaanse moedertaalskole. Hierdie stryd het in die veertigerjare 'n hoogtepunt bereik. Kampvegters teen moedertaalskole se hoofargumente het gehandel oor die feit dat sodanige Afrikaansmediumskole “in die weg staan van tweetaligheid en groter samewerking tussen die twee taalgroepe” (Steyn 1980:209).

Steyn meen die weerstand in die Engelse pers teen “separate ‘pure’ Afrikaanse organisasies en skole (was) niks anders nie as *'n swak verbloemde teleurstelling dat nie méér Afrikaners hulle laat verengels het nie*” (1980:210).

Hierteenoor het kampvegters teen die sogenaamde parallel- en dubbelmediumskole, onder andere prof. Chris J. Coetzee, verwys na die “verswygde ideaal” van sodanige skole, nl. “die verengelsing van die Afrikaner” –

want “*in die diepste hart* van die Engelse voorstanders van die Dubbelmediumskool, leef die hoop en die verwagting dat op dié wyse hulle hul grootste moeilikheid in Suid-Afrika sal oplos, naamlike *die aparte voortbestaan van ’n Afrikanervolk*” (in *Inspan*, Desember 1942, aangehaal in Steyn, 1980:210).

Die “Engelse voorstanders” na wie hierbo verwys word, was vanselfsprekend nie vry van hulle eie mite nie, nl. die mite van die Engelse taal as die sinvolle weg – ’n “beter weg” as Afrikaans - na behoorlike opvoeding, geleerdheid en uiteindelik sukses .

Dis duidelik dat op onderwysgebied, miskien meer as op enige ander terrein van die maatskappy, mites gedy rondom die verbondenheid tussen ’n volk, sy taal en sy volkskarakter, te wete sy waardes, tradisies en dryfvere. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat kinders die vatbaarste is vir beïnvloeding, en dus vir miteskepping, en dat hierdie feit dikwels vir verskeie oogmerke uitgebuit word.

4.7.4 Enkele gebeure in Afrikanergeledere en in die groter Suid-Afrika in die jare tussen 1923 en 1938 wat ’n impak op die gang van die mite gehad het

Die presiese verloop van die historiese gebeure voor die oorwinning vir die Nasionale Party in die 1948-verkieping is nie die fokus van hierdie studie nie. Wat wel van belang is, is die miteskepping binne Afrikanergeledere rondom Afrikaans en die impak van Afrikanernasionalisme wat bygedra het tot hierdie oorwinning.

Armoede onder baie Afrikaners in die dekades na die Anglo-Boereoorlog was ’n brandende vraagstuk in Afrikanergeledere. M.E.R. beskryf die probleem soos volg (1972:236):

Hierdie armoed-probleem wat in die na-oorlogse jare by ons al hoe meer op die voorgrond getree het, het my in die loop van my werk in die redaksie van *Die Burger* baie aangegryp. Moontlik omdat ek self arm

grootgeword het en tog nooit kon begryp dat ek om daardie rede aan 'n *ander volksgroep* behoort het as die *kinders van die welgesteldes* nie.

Oor die eerste kongres van die “Nasionale Vroueparty” berig sy in *Die Burger* van 13 Desember 1923 en haal aan uit die kongrestoespraak van die leier van Kaapland se Nasionale Party, dr. Malan:

Die vrou gaan *die politiek ophief*, en gaan daar *ideaal inbring*... daar is sake waarin die vrou net soveel weet as die man, en meer hart voor het, en in sulke sake moet die vrou 'n medeseggingskap hê, byvoorbeeld opvoeding, gesondheid, behuising, die groot toenemende arm-blank-kwessie (1972:228).

(In die lig van die geskiedenis van die vrou in die politiek – waar sy eers heelwat later regtig 'n impak gemaak het - lyk hierdie ophemeling van die vrou in 1923 eerder na propaganda as 'n bona fide-voorneme om vrouens in die politiek van die dag te betrek.)

Toe Hertzog se party in 1924 aan bewind gekom het, is politieke partye deur wetgewing belet om deel te neem aan enige liefdadigheidswerk en “die vroue wat hulle volk wou *gesond maak, belese maak, opgevoed sien* – hulle het ook gesien dat *hoewel dit nog hulle taak was*, die partypolitiek nooit daarvoor gebruik sou word nie” (M.E.R. 1972:228). Vroue het daarna soos mans lede geword van die Nasionale Party.

In genoemde diskoerse (soos hierbo aangehaal deur M.E.R.) is daar duidelik gebou aan die mite van die vrou as “opvoeder en versorger” en, hoewel die vroueparty doodgeloop het, is hulle aanvoorwerk met groot ywer verder deur vroue-organisasies soos die A.C.V.V. (Afrikaanse Christen-Vrouevereniging) voortgesit.

'n Interessante gebeurtenis waaruit verdeeldheid binne Afrikanergeledere afgelees kan word, word ook deur M.E.R. geskets (1972:251). Dit handel oor die besluit van die Suid-Afrikaanse Engelse om in 1925 die Prins van Wallis vir

'n besoek te nooi. Die skryfster meen dat dit “begryplik (is) dat dit vir die Engelssprekendes hartversterkend (was), want vir hulle beteken die koning werklik *sielsvoeding en hulle voel soms seker behoefte daaraan.*” Problematies vir baie Afrikaners was egter die feit dat sommige vooraanstaande Afrikaners na die ontvangste gegaan het, dat die Stellenbosse studente die prins “feestelik en met groot demonstrasie onthaal het” en dat die prins boonop 'n krans in Bloemfontein “aan die voet van die Vrouemonument” gaan lê het.

In verband met die bostaande gebeure, het M.E.R. 'n brief, gedateer 15 April 1925, van haar swaer, Jan van Zyl, van Swellendam-distrik ontvang vir publikasie in *Die Burger*. Miteskepping is duidelik waarneembaar in die verwysing van Van Zyl na Jesus se antwoord aan die ryk jongeling wat salig wou word, nl. dat hy alles wat hy het moet verkoop en Hom (Jesus) moet volg:

Ons is ryk, ons wil salig word, maar wil ons die prys betaal? Laat staan die *veroweraar en volg Suidafrika*. Sal ons dit regkry? Wat het die verlede ons geleer? *Om die Engelse goedkeuring weg te dra, is ons grootste swakheid... Dit is die wurm wat knaag aan die wortel van ons ontwikkeling. Ons voormanne wat die kiem ingekry het, het almal daaraan beswyk...* (M.E.R. 1972:252).

In 1931 is 'n Afrikaanse jeugbeweging, die Voortrekkers, gestig. Baie Afrikaanse kinders het voor 1931 aan die “Boy Scouts” en die “Girl Guides” van Baden Powell behoort. Die gedagte het egter ontstaan aan “iets meer landseie” (M.E.R. 1972:253). Toe 'n kommissie van Afrikaanssprekendes saam met Scout-leiers byeengekom het en lg. aangedring het op die Union Jack as simbool en die sweer van trou aan die koning, het die Afrikaanse groep (onder andere M.E.R., Ben Taute, dr. N.J. van der Merwe, mev. Pellisier, Tibbie Visser en M.M. Jansen en genl. Hertzog) besluit “om 'n aparte Afrikaanse beweging te laat gedy.” So kom die Voortrekkerbeweging tot stand, 'n Afrikaanse jeugbeweging wat beslis ook sy deel vir miteskepping gedoen het.

In 1933 het veral ekonomiese oorwegings soos die wêreldwye depressie en die feit dat Brittanje, een van Suid-Afrika se belangrikste kopers, van die goudstandaard afgestap het, asook ernstige binnelandse droogtes Hertzog se Nasionaliste gedwing tot 'n koalisie met die SAP-party (Steyn, 1987:82). Die koalisie is opgevolg deur die sogenaamde “saamsmelting” (waardeur die Verenigde Party tot stand kom). Baie Afrikaners was hieroor ongelukkig. Intussen wou die Natallers afskei van die Unie omdat die verpligte tweetaligheid hulle “beswaard laat voel (het)”. Die afstigtingsbeweging is gelei deur ene Stuart Helps wat na tweetaligheid verwys het as “the bugbear of bilingualism” (1987:83). Die afskeiding van Natal het nooit werklikheid geword nie.

Oor die posisie van die Nasionale Party na die samesmelting beweer M.E.R. dat “die Nasionale Party swak geword (het), maar (dat) nasionalisme so sterk of sterker (is) as voorheen” (1972:229).

4.7.5 Die “simboliese ossewatrek”, 1938

Die sogenaamde “simboliese ossewatrek” van 1938 vanaf Kaapstad en ander verafgeleë plekke na Pretoria ter herdenking van die Eeufeesviering van die Groot Trek en daarna die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 het grootliks bygedra tot mite(her)skepping by die Afrikaner.

Dr. Cas Bakkes (2001:1) stel dit soos volg:

Die Simboliese Ossewatrek van 1938 lei tot 'n nasionale herontwaking by die Afrikaner wat a.g.v. die depressie in die vroeë dertigerjare met 400 000 wit mense onder die broodlyn in sy geledere leef... Die geesdrifwekkende herdenking van die Groot Trek 100 jaar tevore het baie gedoen om die Afrikaner se *verrinneweerde selfbeeld te herbou*. **(Hierdie opmerking ondersteun die uitgangspunt van hierdie diskoers, nl. dié van miteskepping as singewing en die kweek van selfrespek en eiewaarde – AMJ.)**

In sy “Boodskap aan die Afrikanervolk” in die voorwoord van die *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika, Eeufees 1838-1938*, sê die hoofleier van die simboliese ossewatrek, H.J. Klopper, onder meer:

God die Almagtige, is die Skepper van die heelal. Hy het mense geskape en daarna volke in aansyn geroep. Die Afrikanervolk het Hy ook in aansyn geroep en *Suid-Afrika vir ons gegee as 'n tuiste en 'n vaderland*. Die *vryheidsin* is 'n gawe Gods. Niemand is gebore om iemand se slaaf te wees nie, persoonlik, staatkundig, ekonomies, geestelik of andersins. Die Afrikaner wil en gaan niemand se slaaf wees nie. *Die rots waaruit ons gekap is, die put waaruit ons gegrawe is, sal nooit toelaat dat die ideaal van 'n afsonderlike nasieskap met alles wat dit meebring in elke opsig en in die volste betekenis van die woord vir die Afrikaner verlore gaan nie...* Afrikanerdom, jy het 'n heerlike toekoms. Oorwinning is joune. God het Suid-Afrika aan jou gegee. *Die Voortrekkerideale leef nog steeds brandende voort. Die Vrou van Suid-Afrika leef. Voor in die wapad brand daar 'n lig. Die lig van nasieskap. Volg dit, en jy sal leef en seëvier...*

Bogenoemde is maar een voorbeeld van miteskeppende of mite-ondersteunende taal in 'n gedenkboek wat 813 bladsye beslaan. Tereg het dr. G.C. Cillie beweer dat die “nuwe Trek van 1938 byna net so belangrik (is) (as dié van 'n eeu tevore – AMJ) omdat dit 'n groot herlewing by ons volk teweeggebring het” (Mostert 1940:540).

Steyn (1980:219-221) skryf ook oor die impak van die simboliese trek, onder meer soos volg:

Dr. N.J. van der Merwe, 'n bekende politieke en kultuurleier, het die aand van 8 Augustus (toe die eerste kakebeenwa uit Kaapstad vertrek het – AMJ) op Goodwood uitgeroep: “Vanaand dank ek God dat ek Afrikaner is!”

Op ... plekke het mense die waens gesoen en in trane uitgebars, blindes het die waens van voor tot agter op elke plekkie bevoel, siekes en krepeles is van hul bedde uitgedra om die waens ook te kan sien.

Orals in die land is name van strate, parke en tuine verander na die name van Voortrekkers, geskiedkundige gebeurtenisse en plekke.

Schalk Pienaar het in sy verslag oor die hoeksteenlegging in *Die Burger* effer oorboord gegaan met betrekking tot die miteskeppende aard daarvan (Steyn 1980:221):

VOORTREKKERSTAD, Vrydag

In hul tienduisende geskaar om die *Afrikaner-heiligdom vir alle tye* het die *Boerevolk* vanmôre in die grootste fees wat Suid-Afrika nog gesien het, homself *opnuut gewy aan die ideale van 'n helde-voorgeslag*.

Meer as honderdduisend mense was in die Eeufeeskamp aanwesig toe die drie afstammeling van die *drie groot Voortrekkerhelde* honderd jaar na die Dingaanslag wat *Afrika vir die blanke beskawing oopgestel het*, die hoeksteen van die Voortrekkermonument *namens die volk gelê het*.

Terselfdertyd is 'Die Stem van Suid-Afrika' as *volkslied van die land aanvaar* deurdat die *geweldige skare by die eerste klank van die silwertroffels op die hoeksteen*, hierdie lied *spontaan aangehef het*. Ook die Transvaalse en Vrystaatse volksliedere, wat eweneens nie op die program verskyn het nie, het *magtig weerklink*.

Steyn wys daarop dat Schalk Pienaar self later oor hierdie berig "gebloos" het. In die lig daarvan dat die hoeksteenlegging die klimaks van 'n intensiewe proses van miteskepping rondom die simboliese ossewatrek was, is die berig binne konteks meer verstaanbaar. Die afleiding kan gemaak word dat die miteskeppende leiers van die Afrikaner – bewustelik of onbewustelik - daarin geslaag het om net ses-en-dertig jaar na die Vrede van Vereeniging in 1902, 'n **hernude gevoel van eiewaarde en volkstrots** te laat gedy. Intussen het die mite van die "Wonder van Afrikaans" ook gevestig begin raak. Dit was nou 'n grootliks verenigde Afrikanervolk met 'n gekultiveerde, amptelike taal wat die laaste fase voor 1948 binnegegaan het.

4.8 Die mite seëvier: 1938-1948

Steyn (1980:221) wys daarop dat daar tydens die simboliese trek ook "taalinsidente" was. So wou die reëlingskomitee van die fees nie toelaat dat die burgemeester van Port Elizabeth aan die fees deelneem nie omdat die stadsraad vyandig gesind was teen Afrikaansmediumskole en Afrikaanse korrespondensie.

Die burgemeester mog eers die ossewa verwelkom het nadat hy aan 'n afvaardiging die voorneme van die stadsraad oorgedra het om meer simpatiek teenoor Afrikaanssprekendes te staan en Afrikaansmediumskole "in heroorweging te neem."

En by die Skiereiland se fees van 16 Desember het dr. Con de Villiers gewys op die belangrikheid van "*die Afrikaansste van alle Afrikaanse eienskappe – die Afrikaanse taal*" (Steyn 1980:221) vir die voortbestaan van die Afrikaner.

4.8.1 Die Ossewa-brandwag

Die nasionale oplewing het na Desember 1938 voortgeduur. Afrikanerleiers het die moontlikheid gesien om die nasionalistiese gees te bestendig, en op 4 Februarie is die Ossewa-Brandwag (die O.B.) amptelik in Bloemfontein gestig. Lede is beëdig met 'n eed "om nie te rus voor die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie." Van die impak van die O.B. beweer Steyn dat dit "die verbeelding van tienduisende Afrikaners aangegryp (het). Afrikaners wat deur politieke twistes verdeel was, en deur die Ossewatrek nader aan mekaar gebring is, het mekaar in die O.B. weer gevind (1980:223). En M.E.R. het in 'n brief (Bouwer e.a.1977:68) na die O.B. verwys as "een van die beste en mooiste dinge wat nog aan ons volk gebeur het." Bakkes (2001:1) meen dat die hoofogmerke van die O.B. was om "'n gedissiplineerde Afrikanerdom te kweek."

4.8.2 Die Reddingsdaadbond

In dieselfde jaar (Oktober 1939) is 'n Afrikaanse Ekonomiese Volkskongres gehou, waarvan een van die uitvloeisels die stigting van die Reddingsdaadbond in 1940 was. Hierdie bond het Afrikaanse ondernemings tot stand help bring of geld aan bestaande ondernemings geleen en het werk aan duisende Afrikaners verskaf. 'n Finansieringsmaatskappy, Federale Volksbeleggings, en die Afrikaanse Handelsinstituut, asook dr. Anton Rupert se Rembrandt-groep ("...

rook 'n Rembrandt en hoës vir volk en vaderland” – persoonlike mededeling deur Christo van Rensburg) het in die loop van die veertigerjare verder bygedra tot die ontstaan van 'n Afrikaanse handelstaal.

Uit bostaande feite kan afgelei word dat die Afrikaner na 1938 nie slegs sy “mites gedroom het nie”, maar ook konkrete gestalte daaraan gegee het en sodoende vir die eerste keer 'n mag geword het om mee rekening te hou. Steyn (1980:205) wys daarop dat die sterk mededinging deur Afrikaanse ondernemings ook nie-Afrikaanse ondernemings verplig het om Afrikaanssprekendes in diens te neem ter wille van 'n gelykwaardige diens aan Afrikaanse kopers.

4.8.3 Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Smuts se besluit oor deelname

Intussen het die Tweede Wêreldoorlog in Europa gedreig en is daar gevrees dat Smuts sou besluit om troepe te stuur om saam met Engeland te veg, wat hoogs waarskynlik 'n “tweede rebellie” onder Afrikaners sou ontketen. Suid-Afrika was met die uitbreek van die oorlog op 1 September 1939 'n “sowerein onafhanklike koninkryk en nie outomaties in die oorlog betrokke op grond van Groot Brittanje se oorlogsverklaring nie.” (Bakkes 2001:1). Engelsgesindes in Smuts se regering het nietemin net vier dae na die uitbreek van die oorlog met 'n meerderheid van dertien stemme besluit op deelname aan die kant van Brittanje. Hierdie besluit het “*matelose bitterheid*” onder Afrikaners veroorsaak (Steyn 1980:222).

4.8.4 Die OB en die oorlogsjare

Bakkes vertel in sy referaat oor die strategieë van die O.B. in die oorlogsjare iets van sy eie omstandighede as dertienjarige seun met die uitbreek van die oorlog. Sy eie vader is dood toe hy elf maande oud was, en die behoefte aan vaderfigure het hom Sondag in 'n hoek van die Neethlings se huis in Brooklyn laat bevind, waar hy gretig geluister het na gesprekke oor landsake en oor die oorlog. Hier

byeen was dr. Chris Neethling, “n landbou-ekoonom en hoof-generaal van die O.B. in Noord-Transvaal” (sien die persoonlike vertelling oor die rol van die miteskepper in hoofstuk 2), prof. W.P. de Villiers, adv. Fritz Steyn, dr. Hilgaard Muller, dr. W. du P. Erlank en by geleentheid ook N.P. van Wyk Louw (dr. Neethling se swaer). Bakkes het een Sondag in Junie 1940 saam met sy jong vriend Jack van Dam na die Neethling-huis gegaan met die versoek om ’n Penkopkommando as onderdeel van die O.B. te stig “*wat kon help om die Engelse hier te lande in die see in te dryf*” (2001:3).

Die volgende bespreking bevat woordelike aanhalings of samevattinge uit Bakkes se vertelling (2001:3-18) oor die O.B. en die oorlogsjare:

Na die vorming van die Penkopkommando het Chris Neethling my benoem as rapportganger op sy staf en hoewel ek geen ordergroep (offisiersvergadering) saam met die volwassenes bygewoon het nie, het hy my in sy vertroude geneem en opdragte gegee om uit te voer.

Genl. Neethling het my daarop voorberei dat ’n staatsgreep (’n Putsch) teen die bewind van genl. Jan Smuts in die mou gevoer word en het dit soos volg gemotiveer: Die val van Brittanje is na die oorgawe van die Franse op 21 Junie op die kaarte en die Afrikaner moet ’n Republiek in Suid-Afrika uitroep voordat Duitsland die oorwinning behaal. Wat voorkom moet word, is dat die Union Jack in S.A. vervang word met die Hakekruis. Ons moet as ’n onafhanklike Republiek met Duitsland in onderhandeling tree en daar sal moet aanvaar word dat ons uit Suidwes-Afrika sal moet onttrek...

Ons was as Afrikaners nie soseer pro-Duits nie, maar wel *fel anti-Engels en hewig gekant teen die Britse Empire waarvan ons geen deel wou uitmaak nie.*

Die embleem van die O.B. was ’n arend met gespreide vleuels wat sit op ’n wawiel met in die onderste helfte van die wiel ’n ossewa met die silhoeët van Majuba in die agtergrond.

(Hieruit kan afgelei word dat mites dikwels deur visuele tekens en simbole ondersteun word – AMJ.)

Chris Neethling het aan my verduidelik dat ons 'n ondergrondse bedreiging langs die weg van sabotasie, van allerlei aard, moes skep wat Smuts sal verplig om magte in Suid-Afrika te hou en nie na die buitelandse fronte te stuur nie... Die sabotasie moes egter beperk word tot installasies en nie gerig wees teen soldate of burgerlikes nie. Lewensverlies moes ten alle tye uitgeskakel word. *Afrikanerbloed was kosbaar en dit moes beskerm word* en Smuts moes verhinder word om troepe uit die land weg te kry. Bykomend moes reuse O.B. saamtrekke gereël word met *parades, braaivleisvure, pannekoek- en koffiestalletjies, tablo's met Republikeinse vlae, fakkels en toesprake. Met die saamtrekke kon die Penkoppe en Boeredogters braai, verkoop en paradeer.*

(Dit is duidelik dat hierdie “reuse saamtrekke” veral miteskepping ten doel gehad het – AMJ.)

Bakkes vertel voorts dat die besluit van die kommandant-generaal van die O.B., dr. Hans van Rensburg – 'n regsgeleerde met onder andere ook 'n M.A. in Duits – dat daar sonder gewere opgetree moes word, konflik gebring het met onder andere die joernalis Hans Rooseboom en die militante, nasionaal-sosialistiese Robey Leibbrandt. Tydens “relletjies tussen rooilussoldate en O.B.'s” in Springs en Johannesburg het Hans van Rensburg “hom na die tonele van geweld begeef en tussen die dreigende skares in beweeg en kalmte bewerkstelling. Dit het na albei kante indruk gemaak.”

Toe Smuts in Maart 1941 alle staatsamptenare lidmaatskap van die O.B. verbied het, het Hans van Rensburg aan hulle “eervolle ontslag” uit die O.B. gegee. Van hierdie staatsamptenarelede het egter in die ondergrondse weerstandsbeweging, die Stormjaers, opgegaan.

Bakkes is as vyftienjarige een nag in Brooklyn se polisie-aanklagkantoor aangehou omdat hy en sy vriend Van Dam plakkate waarin “Bundles for Britain” gevra is, gesaboteer het. Sy moeder het nie ingegryp nie, omdat sy as kind twee keer beleef het dat haar ouers se opstal deur die Engelse afgebrand word.

Inligting is op 'n stadium bekom van 'n bataljon Stormjaers wat grootliks uit polisielede bestaan het, en hierna is baie lede van die Stormjaers gearresteer

en geïnterneer. Onder andere was Chris Neethling vier-en-veertig maande lank in gevangenskap.

Op grond van verskillende gesigpunte onder Afrikaners teen 1943 was daar later drie partye, nl. die Herenigde Nasionale of Volksparty onder dr. D.F. Malan, die Afrikanerparty onder mnr. Klasie Havenga en die Nuwe Orde Party onder adv. Oswald Pirow. Smuts kon vryliker asemhaal op grond van hierdie verdeeldheid en het 'n nog groter meerderheid in die 1943-verkiesing behaal. In 1947 het Van Rensburg egter sy O.B.'s en Stormjaers begin aanmoedig om by Havenga se party aan te sluit en 'n verenigde front binne Afrikanergeleedere te help skep. Sy strategie was: "Die Afrikanerparty is 'n party sonder 'n organisasie en die O.B. is 'n organisasie sonder 'n party." Uiteindelik het daar oral "soos paddastoete" Afrikanerparty-takke ontstaan en het hierdie party ook met Malan se Volksparty 'n ooreenkoms gestig t.o.v. die 1948-verkiesing. In Mei 1948 het hierdie samewerking gelei tot Smuts se neerlaag en die oorwinning vir die Nasionale Party. Dit was volgens Bakkes ook die direkte wegbereider vir "die stigting van die Republiek van Suid-Afrika buite die Empaaier-statebond" (31 Mei 1961).

Bakkes sluit sy vertelling af deur te verwys na die dood van dr. Hans van Rensburg in 1966 en sy begrafnis met volle militêre eerbewys.

Op sy grafsteen het die Bond van Oud-Geïnterneerdes en politieke gevangenes geskryf: *Afrikaners het hierdie gedenksteen ter ere van doktor Hans van Rensburg opgerig omdat hy hulle gelei het op die lang pad van protes en opstand na die uiteindelijke Republiek van Suid-Afrika.* (2001:18).

Die bogenoemde vertelling is maar een enkele persoonlike dokument oor Afrikaner-belewenisse tydens die woelinge in die veertigerjare. Dit word voorgehou as voorbeeld van die voortgesette "vryheidsdroom" van die Afrikaner waarna M.E.R. ook verwys het, en herinner aan die standpunt waarna in hoofstuk 2 verwys is t.o.v. die belangrikheid van persoonlike getuienis om 'n geskiedkundige tydvak se impak op 'n bepaalde kultuurgroep te rekonstrueer:

As soon as we recognize the *value of the subjective in individual testimonies*, we challenge the accepted categories of history. We reintroduce the emotionality, the fears and fantasies carried by the *metaphors of memory*... And at the same time the individuality of each story ceases to be an impediment to generalization, and becomes instead a *vital document of the construction of consciousness* emphasizing both the variety of experience in any social group, and also *how each individual story draws on a common culture*... (Samuel & Thompson 1990:2).

4.8.5 Die “1948-oorwinning”

Daar word nie vergeet dat die mite waaroor dit in hierdie hoofstuk gaan, dié van *Afrikaans* en die Afrikaner is nie. Dit moet egter op hierdie stadium duidelik wees waarom sonder vrees vir teenspraak beweer kan word dat die geskiedenis van Afrikaans se vordering tot ’n hoëstatustaal in Suid-Afrika nie los te dink is van die groei van Afrikanernasionalisme in die eerste helfte van die twintigste eeu en die politieke oorwinning van die Afrikaner in 1948 nie. Daarsonder sou Afrikaanssprekendes eenvoudig mettertyd moes swig voor die sterk dryfkrag van Britse taalimperialisme.

Steyn (1980:224) bevestig hierdie standpunt:

Die 1948-oorwinning was ook *’n oorwinning vir Afrikaanse taalnasionalisme*. Die nuwe bewind het die regte van nasionaalgesinde Afrikaners *en van Afrikaans* na jare van vyandigheid en onverskilligheid *opnuut bevestig en in ere herstel*. Die tweetaligheidsvereiste in die staatsdiens is verskerp, waardeur die meer tweetalige Afrikaners in baie gevalle sterker bevoordeel is as die minder tweetalige Engelssprekende. Met die *krag van die bewind* agter hom, het die *Afrikaanse taal op baie lewensgebiede in Suid-Afrika vinniger begin vorder*,’ skrywe P.J. Cillié (Steyn haal hier aan uit Cillié 1953:255.)

4.9 Die rol van die Afrikaner se godsdiens in miteskepping

Die impak van die Afrikaner se Calvinistiese lewensbeskouing op miteskepping sou ’n studie op sigself kon wees. Uiteraard leen die metaforiek van godsdiens

sig tot miteskeppende taalgebruik. Daar is ook in die loop van die bespreking reeds verwys na taalgebruik wat aan die Bybel ontleen is.

Moodie (1975) verwys na die Afrikaner se “burgerlike godsdiens” (“civil religion”) en tipeer dit as die geloof dat God die geskiedenis met betekenis klee, en haal dr. D.F. Malan se miteskeppende uitspraak aan waarin hy volgens Moodie die sentiment van alle Afrikaners verwoord:

Our history is the greatest masterpiece of the centuries. We hold this nationhood as our due for it *was given us by the Architect of the universe. Indeed, the history of the Afrikaner reveals a will and a determination which makes one feel that Afrikanerdom is not the work of men but the creation of God* (vertaal deur Moodie 1975:1).

Moodie gee ’n oorsig oor die Afrikanergeskiedenis voor en tydens die Groot Trek en wys op die belangrikheid van onder andere die aflê van die Bloedrivier-gelofte op 16 Desember 1838 en die oorwinning tydens die veldslag daarna om die geloof van die Afrikaners in God se leiding en beskerming te versterk.

Die impak van die oorwinning word ongeveer honderd jaar later teruggevind, nl. in die toesprake van Afrikanerleiers tussen 1930 en 1940 en in die Gedenkboek van die simboliese ossewatrek (sien 4.7.6 hierbo). Daar word selfs in *Die Burger* van 30 Maart 1940 “met groot respek” na die Gedenkboek verwys as die “Nuwe Testament van Afrikanerdom” (Moodie 1975:11).

Die “burgerlike godsdiens” word ook ondersteun deur simbole soos die Vrouemonument in Bloemfontein, wat die dood van vroue en kinders tydens die Anglo-Boereoorlog herdenk en die Voortrekkermonument in Pretoria. In albei gevalle – en ook by ander monumente in die land – bevind die Afrikaner homself volgens Moodie by die “sacred shrines of the civil religion” (1975:18).

Die rol van die Afrikaner se godsdiens word ook duidelik uit ’n oorsig van Fourie (1986) oor verarmde, verstedelike Afrikaners in die “Goudstad” in die eerste

dekades ná die oorlog. Fourie wys op die belangrike rol van die Afrikaanse kerk as “geestelike trooster” aan arm Afrikaners in die “Goudstad” en noem onder meer die feit dat Afrikaanse kerke in die Afrikaanse voorstede Vrededorp en Fordsburg teen 1909 glo stampvol was tydens eredienste (Fourie 1986:148).

Volgens Moodie is die oorsprong van die burgerlike godsdiens die Calvinisme, aangesien Johannes Calvyn Luther se hervormingsgedagtes in essensie aanvaar het, maar sterker klem gelê het op die opperheerskappy van God, en sy direkte betrokkenheid by die lotgevalle van mense en volke. Paul Kruger, president van die Transvaalse Republiek tydens die Anglo-Boereoorlog was die eerste leier wat die burgerlike godsdiens, geskoei op die leer van Calvyn, onder woorde gebring het in 'n reeks toesprake by Paardekraal. Kruger wys hier op die uitverkorenheid van die Afrikanervolk, wat uit die Kaapkolonie na die wildernis gelei is, versoek is sodat hulle God se hulp sou inroep, 'n gelofte afgelê het en gered is uit die vyand se hand, en weer afgedwaal het. Die Britse besetting van die republiek was dus God se straf, en die volk moes opnuut by Paardekraal trou aan God sweer en sy genade afsmeek (Moodie 1975:22-27).

Hierdie soort diskoers bly deel van die Afrikaner se burgerlike godsdiens vir dekades lank.

In 1942 beweer dr. Malan dat dit God se wil is dat die Afrikanervolk gedurig deur ander volke bedreig word, maar tog verhoed dat die barbarisme die jong Afrikanervolk verswelg (Moodie 1975:248, met verwysing na 'n artikel in *Die Transvaler* van 16 Desember 1942).

Pelzer (1966:209 – 211) haal dr. Verwoerd se woorde tydens 'n geloftedagviering in 1958 aan, waartydens die destydse Eerste Minister voortbou op die retoriek van die burgerlike godsdiens deur na die doel van die Voortrekkers se lyding, stryd en oorwinning te verwys as “an anchor and a stay for western civilization and the Christian religion” (Moodie 1975:284).

Moodie se betoog maak ongetwyfeld 'n sterk saak uit vir die bestaan van die sogenaamde Afrikaner- burgerlike godsdiens, maar verreken myns insiens nie die aard van die miteskepping volledig nie. Hy lê sterk klem op die retoriek van die burgerlike godsdiens, maar nie genoeg op die miteskeppende struktuur wat werkzaam was in die kollektiewe onderbewuste van die gewone lede van die Afrikanervolk nie. Sy slotsom is dat die Afrikaner se godsdienssin 'n integrale deel van sy bestaan was, en dat daar in latere fases van sy geskiedenis steeds gepoog is om “Christelik” en “nasionaal” met mekaar te rym.

Min of meer dieselfde standpunt word by implikasie deur De Klerk (2000:14-15) verwoord wanneer hy die Afrikaner se klem op eksklusiwiteit verwoord deur te wys op “vier bekende tradisionele aansprake en uitsprake” (2000:14), waarvan (naas die “wit” karakter van die Afrikanervolk en die gedeelde Geus- en Hugenoot-erfenis) twee daarvan spesifiek godsdienstig van aard is, nl.

- Die Afrikaner is deur God geplant aan die suidpunt van Afrika om die lig van die evangelie [...] te versprei; en
- Die Afrikaner is Christelik, maar meer spesifiek 'n Calvinistiese Christen (sodat selfs Afrikaners uit die Pinksterkerke gweer is uit onder meer die Broederbond, onderwys en godsdienstige uitsendings van die SAUK).

De Klerk verwys nie in sy opsomming van Afrikaner-eksklusiwiteit spesifiek na miteskepping nie, maar elkeen van die vier uitsprake kan myns insiens sonder vrees vir teenspraak as sodanig geïnterpreteer word, onder meer omdat hulle 'n duidelike strewe na singewing binne die groep weerspieël.

4.10 Die vroeë Afrikaanse letterkunde en miteskepping

Wanneer 'n groep se volksgevoel, miskien in 'n tydperk van bedreiging, vir die eerste keer bewus word, is daar altyd in die begin 'n neiging om die enger plaaslike kuns voort te bring. Die plante, diere, mense van die eie omgewing, wat vroeër so doodgewoon gelyk het, kry nou 'n nuwe

betekenis en word *met 'n nuwe liefde gesien, nie om hul eie ontwil nie, maar omdat hulle simbole van die volk-wees is. So het by ons die plaas, die plaasdiere, en –gereedskap, die boer self, sy gewoontes, ens., herinnerings aan 'n gelukkiger Afrikaanse bestaan vir die individu en vir die volk wakker gemaak, en dié dinge het simbole van die Afrikaanse verlede en strewes geword. Om hierdie rede alleen het hulle in ons literatuur ingekom. Die os is so te sê nie om sy ewige dier-wees 'besing' nie, maar omdat hy herinneringe aan 'n Afrikaanse verlede gewek het en omdat hy beeld van die eenvoudige taai Boerewil was* (N.P. van Wyk Louw 1986:15,16 – oorspronklik in *Berigte te velde* 1939).

[...] oral sien ons die drang tot meerdere selfstandigheid, die losmaking uit geestelike en ekonomiese knegskap, die gestadige ontwikkeling volgens eie geaardheid, die *welige groei van 'n ontluitkende volksiel*. Die wassende kultuurmag styg uit die volk self op en *die nasionale ideale word vertolk deur die kunstenaars...* (Schoonees 1927:40, aangehaal deur Roos 1998:26).

Bogenoemde standpunt van Schoonees oor die Afrikaanse prosa van 1902 – 1927 onderskryf die standpunt van die meeste van sy “tydgenote en kollegas”, nl. dat die letterkunde van die eerste twee dekades na die Anglo Boereoorlog “'n vanselfsprekende eenheid gevorm (het)” met die “*algemene strewes van die Afrikanervolk*” (Roos 1998:27). (Die letterkunde het dus – soos die mites – die volk se soeke na sinrykheid vertolk – AMJ.)

Die afleiding is dat die miteskepping wat in hierdie hoofstuk onder bespreking is, deur die Afrikaanse letterkunde in dieselfde tydvak ondersteun en selfs versterk is.

4.10.1 Voor 1900

February (1998:5) beweer dat die eerste “tipies Afrikaanse geskifte meestal grappig (was) en “duidelik gerig op die gewone volk” (die laasgenoemde begrip volgens February “omgewe deur 'n sekere eksklusiwiteit” en dus net met betrekking tot wit mense.) Die spotgedig, “Lied ter ere van de Swellendamsche en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muisenberg in dato 7 Aug. 1795”, wat later in die maandblad *Hollandsch Zuid-Afrika* gepubliseer word, is

“die oudste en eerste bewuste poging om iets sinnigs te skryf in die Afrikaanse taal.” Verskeie ander spotverse het in hierdie periode verskyn waarvoor February oordeel dat dit “geen betoog (behoef) dat ons nie hier grootse poësie het nie.”

Louis Henri Meurant het in die tydperk voor 1875 reeds “n twintigtal briewe en samesprake in Afrikaans onder verskillende skuilname geskryf” (February, 1998:6). Vermaak was skynbaar die hoofoogmerk en hierin het die skrywer beslis geslaag, soos blyk uit die volgende briewe deur lesers (1998:6-7):

“Mejuffrou Beuzemstok” se kommentaar was: “Daar staat sulke koddige nuwies in, dat ik somtyds voor een half uur daarom lag.” En “Wysneus” beweert: “Waar jij komt ziet je mense saan met de corant in de hande, hulle lag en gaat te keer op een jammerlyke weyze...”

Dit is egter eers met die verskyning van Meurant se *Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar* in boekvorm in 1861 dat ’n politieke vraagstuk, nl. die wenslikheid (volgens Meurant) van afskeiding deur die boere van die Oostelike Provinsie van die Westelike Provinsie, in die Afrikaanse letterkunde onder woorde gebring word. (Nienaber 1981:18 noem die taalgebruik in die *Zamenspraak* “Dopper-Hollands”.) February meen dat Meurant se stukkies “uitgestyg het bo die koddige voorbeelde tot op hede” (1998:7). Die Swellendamse vader en seun, F.W. Reitz Senior en Junior was die eerstes “om die verinheemsing van die Afrikaanse taal as kulturele uitdrukkingsmiddel konkreet gestalte te gee” (February 1998:8). In 1870 verskyn Reitz Junior se “Klaas Geswint en zijn Paert” in *Het Volksblad*, ’n omdigting van Burns se “Tam O-Shanter” in Suid-Afrikaanse kultuurkonteks, met die reëls wat volksbesit geword het en hulle eie soort miteskepping in die hand gewerk het:

Geluk is net ’n jong komkommer:
As jy hom pluk, verlep hy sommer;
Of nes ’n skilpad in sy dop in:
Soos jy hom vat, dan trek hy kop in.

Reitz se gedig oor Wepener, wat as kommandant van die Vrystaatse magte op 15 Augustus 1866 op Thaba Bosigo gesterf het tydens die tweede Basoetoe-oorlog (“Ter Nagedagtenis aan Kommandant Louw Wepener”, in Nienaber, 1978:37), bevat besonder treffende miteskeppende frases soos die volgende:

Sal *vreemde digters* ons verhaal
Van hulle *grote helde*,
En ek sal *in my eie taal*
Louw Wepener nie vermeldde?

Nee, *Broeder-Afrikaners*, nee
Ons dappere blyf ons eie
God het ons Wepener gegee
Waarom sou ek dan swyge?

(en veral die slotreëls – AMJ)

Hy leg op Thaba Bosigo,
G'n grafsteen sal hy verge;
Sy monument het God gebou
Die bouheer van die berge...

“Dopper Joris en syn seiltjie” deur Pulvermacher (A.G. de Schmidt) in *Het Volksblad*, 31 Julie 1873 word volgens February beskou as die eerste oorspronklike Afrikaanse gedig van waarde.

February wys daarop dat baie van die tekste “wat die wordingsgeskiedenis van Afrikaans verteenwoordig, gekenmerk (word) deur ’n byna kinderlike eenvoud gemeng met ’n *anti-Engelse sentiment en ’n ontluikende gevoel van nasionalisme*. Die Afrikaner was in die proses besig om *konkreet gestalte te gee aan sy identiteit (singewing -AMJ) deur middel van die Afrikaanse taal in die vorm van gediggies, artikels in koerante en soms in romans*” (1998:14).

February gee verder voorbeelde van nasionalistiese verse wat ontstaan het in die jare net voor en net na die stigting van die G.R.A. in 1875 (sien 4.2 tot 4.4 hierbo). So is daar C.P. Hoogenhout se klag dat “ons moedertaal vermoor word”

deur Engels, wat al is “wat jy sien en hoor” en “Di Afrikaanse Folkslied” van Pannevis, Hoogenhout en D.F. en S.J. du Toit, waarvan die openingsreëls lui:

’n Ider nasi het syn LAND:
Ons woon op Afrikaanse strand...

J. Lion Cachet (1838-1912) skilder die Afrikaanse taal as “’n arme Boerenô, by vele min geag” en verduidelik hierdie nooi se herkoms as sou haar “pa” uit Holland gekom het en haar “liewe mooie ma” weer “uit Frankryk, waar die druiftros swel...”

Hoewel die volksgevoel en die ontluikende taalloyaliteit teenoor Afrikaans reeds in hierdie heel vroegste Afrikaanse gedigte onder woorde gebring is, is dit egter eers na die Anglo-Boereoorlog, en veral na die verskyning van Eugène N. Marais se “Winternag” in 1905 dat daar werklik van ’n *Afrikaanse letterkunde* sprake kan wees.

4.10.2 Na 1900

In verband met die verskyning van “Winternag” meen Marais & Marais (1998:660) dat dié gedig “byna onmiddellik by sy publikasie in 1905 in diens van die Afrikaanse taalstryd gekanoniseer en *gemitologiseer* is.” Volgens die skrywers is Marais en ander skrywers se oeuvre(s) “aangebied en geïnterpreteer in diens van ’n hele stel kulturele en politieke ‘Afrikaner’-waardes wat by wyse van die skoolleerplanne as navolgenswaardig voorgehou is.”

Sonder om in besonderherde op die Afrikaanse letterkunde tussen 1905 en 1948 in te gaan, wat nie in sigself die objek van hierdie studie is nie, word net verwys na ander tipiese voorbeelde van miteskeppende gedigte in Afrikaans.

Jan F. E. Celliers se gedig oor die ontberings in die konsentrasiekampe, “Die kampsuster” asook sy bekende “Dis al”, wat vertel van die “balling gekom oor die oseaan” om net “’n graf in die gras” te vind, het sonder twyfel die gemoedere oor

die lyding in die Anglo-Boereoorlog gaande gemaak. C. Louis Leipoldt het dieselfde ontberings, die kwessie van verraad teen die eie volk en die Boere-ontberings verwoord in onder meer “Oom Gert vertel” (’n skrynende verwoording van die skuldlas van iemand wat sy eie mense se dood veroorsaak het), “In die konsentrasiekamp” en “Vrede-aand.” Totius (J.D. du Toit) herinner aan die onreg deur die magtige Brittanje teen die Boerevolk in “Vergewe en vergeet” met as onderskrif by die titel die mite-ondersteunende woorde van Deut. 4:9: *“Dat gij niet vergeet die dingen die uwe ogen gezien hebben.”*

Volkshelde soos onder andere Genl. De Wet en Jopie Fourie (Celliers) en “Oom Paul” (Toon van den Heever) word in die poësie in herinnering geroep, terwyl die Gideon Scheepers-legende op unieke wyse deur D.J. Opperman in “Gebed om die gebeente” bedig word. (Die openingsreël van dié gedig word beskou as van die mooiste woorde ooit in die Afrikaanse digkuns - *“O Heer, waar u Noordewind die droë dissel rol en oor die skurwe brakland jaag van Afrika...”*)

Soos uit die aanhaling hierbo van Van Wyk Louw (uit *Berigte te velde*) blyk, sou mens ook in die Afrikaanse plaasromans feitlik ’n idealisering van die Afrikaner-boerewortels kon aflees, waar die ploeg en die os onder andere simbole geword het van ’n verlore “Afrikaner-leefwyse” ná aan die grond.

Die rol van C.J. Langenhoven om die volk te laat lees, nadat hy op ’n stadium self wegbeweeg het van Engels as voorkeurtaal en baie produktief in Afrikaans begin skryf het (sien weer 4.5.3), sou ’n studie op sigself kon wees.

Die sangbundel van die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge) is ’n versameling van veral Afrikaanse volksliedjies, met onder ander ’n spesifieke afdeling oor “Volk en Vaderland”. (As Afrikaner-kindere het ons kleintyd in die Voortrekkers, maar selfs op skool- en kerkkampe, dikwels van dié miteskeppende liedere uit volle bors gesing.)

'n Klassieke voorbeeld van so 'n miteskeppende “vaderlandslid” is “Die Lied van Jong Suid-Afrika”:

En hoor jy die magtige dreuning
Oor die veld kom dit wyd gesweef
Die lid van 'n volk se ontwaking
Wat harte laat sidder en beef

Van Kaapland tot bo in die Noorde
Beef dowerend-luid die akkoorde
Dit is die lid van Jong Suid-Afrika
Dit is die lid van Jong Suid-Afrika
Dit is die lid van Jong Suid-Afrika.

Sonder om nog meer besonderhede te gee, sou 'n mens die bewering kon maak dat die Afrikaanse letterkunde – “hoog sowel as *volks*” – 'n groot impak op miteskepping rondom en vir die Afrikanervolk gehad het. (Die neerslag van die mites binne die letterkundige sisteem word in hoofstuk 6 verder bespreek – AMJ.)

Ter afsluiting van die hoofstuk oor Afrikaans en die Afrikanervolk word enkele reëls uit van C.J. Langenhoven se “Die Stem van Suid-Afrika” – die volkslied van die Republiek van Suid-Afrika tot voor 1994, waarvan dele in Afrikaans (en ook in die Engelse vertaling daarvan) in die nuwe volkslied opgeneem is – aangehaal:

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons *roem op ons verlede*, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf –
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.

Vaderland! Ons sal *die adel* van jou naam met ere dra:
Waar en trou, as Afrikaners – kinders van Suid-Afrika.

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, O Here, om te *handhaaf en te hou* –
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry...

4.11 Gevolgtrekkings

Die eerste gevolgtrekking wat gemaak kan word, is **dat daar ongetwyfeld miteskepping met betrekking tot die intieme verbondenheid tussen die Afrikaner en Afrikaans was**. Verskeie voorbeelde hiervan is in die loop van die bespreking aangedui. Om maar enkeles te herhaal:

- 1) Regte Afrikaners, ons roep julle op om saam met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is *wat die Liewe Heer vir ons gegee het ... die volkstaal van ons land...* (Uit die manifes van die G.R.A. soos aangehaal deur Nienaber & Nienaber 1958:30);
- 2) Dis my ondenkbaar dat jy kan draai teen jou nasie maar darem nog sy taal net so kan waardeer en bemin as vantevore ...” (De Waal 1939:64-65 se kommentaar oor dislojaliteit van *Patriot*-lesers teenoor die Republieke se saak tydens die dreigende Tweede Vryheidsoorlog):
- 3) Di Engelse Meisiiskole in ons land is di listigste en gevaarlikste aanslag teen ons Moedertaal; dit verdring ons taal in die huisgesinne en vergiftig die fontein van ons nasionaliteit ... (Steyn 1980:142);
- 4) Die verwysing na die artikel in *The Star* van 18 Maart 1904, waarin die skrywer van die artikel te velde trek teen die Afrikanerstrewe “to preserve the ‘taal’ from extinction and maintain the burgher population as a separate people...” en
- 5) (Herzog het) die taal as uitgangpunt vir die handhawingstryd van die Afrikaner geneem. (Nienaber 1964:82).

Daar is deurgaans in die hoofstuk verwysings na ander soortgelyke bewyse van bewustelike en onbewustelike miteskepping wat betrekking het op die verbondenheid tussen die Afrikaners en Afrikaans.

'n Tweede gevolgtrekking hou verband met die **verskillende wyses waarop** die miteskepping geskied. Die opvallendste hiervan word kortliks bespreek.

1. Metaforiek

Voorbeelde van die gebruik van metafore om miteskepping in die hand te werk of te versterk, is onder meer die volgende:

- “... die *vreemde wapenrusting van Dawid*” (verwysende na Engels en Hollands in teenstelling met Afrikaans);
- “... di *fontein van ons nasionaliteit*” (verwysende na jong Afrikaanse meisies in Engelse meisieskole);
- “... ’n *standhoudende droom*” en die “nimmerverslappende *opdraand gesukkel* om onself te bly...” (die woorde van M.E.R. wanneer sy verwys na die vryheidstrewe van die Afrikaner);
- “...’n *roering welke uit het hart opwelt ... En met dit zucht verdwijnt de Vaal Rivier, verdwijnt de Oranje Rivier ...*” (Kommentaar oor Afrikaner-eenwording soos verwoord in *Het Volksblad* van 26 Maart 1915);
- “... Ek onthou hoe ek eendag, toe die eerste vreugderoes verby was ... gesê het: ‘En wat gaan *die Mammon* nou maak?’ (M.E.R se kommentaar nadat die Nasionaliste in 1924 vir die eerste keer aan bewind gekom het.);
- “Die *rots waaruit ons gekap is, die put waaruit ons gegrawe is*, sal nooit toelaat dat die ideaal van ’n afsonderlike nasieskap ... vir die Afrikaner verlore gaan nie...” en “Voor in die wapad brand daar ’n lig. Die *lig van nasieskap...*” (H.J. Klopper se boodskap in die voorwoord van die Simboliese Ossewatrek Gedenkboek.);
- “die *welige groei van ’n ontluikende volksiel...*” (Schoonees 1927:40 oor die Afrikaanse prosa sedert 1902);
- Die Nasionale Party het binne twee jaar na sy stigting reeds “sy *vlerke oor die hele land gespan*” (aldus Van Heerden 1975:21);

2. Woordkeuse

Metaforiek en woordkeuse hou verband met mekaar, maar hier gaan dit oor die keuse van woorde en frases wat doelbewus positief of negatief gelaai is om die

eie groep op te hemel en die ander in 'n negatiewe lig te stel. Voorbeelde hiervan is: “hartstogtelike pleitbesorgers”, “dissipels vir die ideaal”, “'n groot kenner van die klassieke”, “baie godsdienstig”, “die vrome Pannevis”, “de zuivere waarheid”, “ons moedertaal, wat ons dierbaar en heilig is”, “vergiftig ... tot taalverraaiers”, “elke normale Afrikaner”, “Vryheid, vryheid, dierbaar ding!”, “die betowering van die vryheidsdroom”, “Louis Botha was ons geliefde held”, “een onkeerbare stroom van volksliefde”, “Voortrekkerideale”, “die Afrikaner-heiligdom”, “die klank van silwertroffels op die hoeksteen”, en so meer.

3. Retoriese middele, bv. herhaling en retoriese vrae

Enkele voorbeelde van die gebruik van retoriese middele met die oog op miteskeping kan aangetoon word, bv. die herhaling van “Afrikaner(s)” in die hoofartikel van *De Zuid-Afrikaan* van 15 Januarie 1876:

So moes meer as een *Afrikaner* wat verstand en gees het stilbly, omdat hy geen taal het waarin hy hom kon uitdruk nie. Nee, jonge *Afrikaners!* Gooi nou weg die vreemde wapenrusting van Dawid... Ja, Nou kan elke *Afrikaner* skrywe wat hy wil in sy eie taal...

'n Voorbeeld van 'n retoriese vraag kom voor in die sogenaamde “Ope Brief” aan die volk, wat die manifest van die G.R.A. bevat het (Nienaber & Nienaber 1958:30), en waarin daar op die retoriese vraag “En wat gaan ons dan maak?” geantwoord word dat die volk opgeroep word om te erken dat die Afrikaanse taal hulle moedertaal is “wat ons Liewe Heer vir ons gegee het ...”

4. Sintaktiese middele

Ook die sintaksis word soms ingespan om miteskepping te bevorder, soos bv. in die volgende voorbeeld wat ook uit die manifest van die G.R.A. gehaal is en waarin die gebruikelike SVO-orde verander word om klem te lê op die belangrikheid van *elke poging* om Afrikaans te bevorder. Die sin lui nie:

“Ons sal elke poging om ons moedertaal te bewaar en te verdedig, voorstaan en bevorder”, nie, maar wel:

“*Elke poging ... om ons moedertaal te bewaar en te verdedig, sal ons voorstaan en bevorder so lank ons leef...*” (OVS-orde).

Nog meer voorbeelde van sintaktiese omkerings sou waarskynlik uitgewys kon word, maar daar word hiermee volstaan, aangesien al die bogenoemde middele slegs bydraend is tot die proses van miteskepping, of die miteskepping nou ook bewustelik of onbewustelik plaasvind.

4.12 Samevatting

In die voorafgaande bespreking is miteskepping wat gelei het tot die “liefdesverhouding” tussen Afrikaans en die Afrikaner van nader bekyk.

Talle voorbeelde van miteskepping in die koerante van die dag, die digkuns, politieke toesprake en kultuurgeleentheids soos die historiese ossewa-trek van 1938 is uitgewys.

Sommige van die Afrikaner-organisasies wat in die loop van die twintigste eeu op sowel die kultuurfront as in die ekonomiese wêreld ontstaan het, is genoem en hulle rolle asook hulle impak op die vestiging van die Afrikanermities is kortliks aangedui.

Verskillende metodes om miteskepping te bewerkstellig is uitgewys, bv. metaforiek en woordkeuse en retoriese en sintaktiese middele.

Laastens is die miteskeppende rol van die Afrikaner se “burgerlike godsdiens” (Moodie) en van die Afrikaanse letterkunde in dieselfde tydperk vlugtig belig.

Die gevolgtrekking is dat daar sedert 1875 met die begin die “storie van Afrikaans” in die Paarl, tot en met 1948, toe die “Afrikanerparty” die meerderheid stemme in die verkiesing behaal het, onbewustelik en bewustelik gebou is aan **die mite van “Afrikaans, taal van die Afrikaner” en dat hierdie mite dus grootliks bygedra het tot Afrikanereenheid en –nasionalisme.**